

# DIE Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 58 • Desember 2019 | Januarie 2020



**Suid-Afrikaanse  
merinowol raak  
al hoe meer  
gesog op wêreld-  
markte**

**Van dekking  
tot verkope  
...wat word  
van die  
lammers?**

**vkb**

   [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za) | vir die LIEFDE van die LAND



Besoek ons aanlyn by [agriseker.co.za](http://agriseker.co.za) of kontak jou Versekeringsmakelaar  
AGRISEKER ONDERSKRYWINGSBESTUURDER (SOMSI) BPK, REG. NO. 2014/2382790/15 'N GEMAAKTE FINANSIËLE DIENSTE VERSKAFFER: FOP NO. 42787.  
ONDERSKRYF DEUR LAND BANK INSURANCE (SOC) BPK, REG. NO. 2012/15428/08.

**Agri  
Seker**

'n Seker Toekoms

**DIE SILWER RANDJIE  
OM ELKE HAELWOLK**

# Die Lig op jou pad

deur pastoor Kallie Kriel



## Dié realiteittoets

Is dit nie asof die lewe bietjie "wild en woes" is nie? Mense gryp na alles wat moontlik 'n uitweg kan wees, na iets beter. Die "beter-jagters" ontsien niks nie. Hulle probeer alles in hul vermoë om te ontvlug of beter gestel, "beter" te voel. Hoeveel YouTube-video's word gemaak en gekyk wat handel oor maniere en tegnieke om beter te voel. Hierdie "goedvoel"-beweging is amper soos destydse "goedvoel"-boeke, wat steeds die rondte doen, wat gekenmerk word deur slegs ses of sewe maklike stappe na geluk.

In vergelyking met die antieke mense het ons baie meer om voor dankbaar te wees. Die huise waarin ons woon en al die ander soms onbelangrike dingetjies vir die moderne mens bly groot seëninge wat misgekyk word.

'n Mens kan niemand aanspreek oor iets nie, dan word daar vir jou gesê dat jy nie mag oordeel nie. Dit is soms snaaks om te sien hoe hulle dán skielik wil Bybelverse aanhaal omdat jy die waarheid praat – nie om te oordeel nie, maar iets te béoordeel volgens die Bybel.

In Galasiërs 5:16-25 word die werke van die vlees teenoor die vrug van die Gees gestel. In 2 Timoteus 3:2 lees ons die volgende: "Want mense sal net hulleself en geld liefhê. Hulle sal grootpraterig en arrogant wees, met God spot, ongehoorsaam aan hulle ouers en ondankbaar wees. Hulle sal niks as heilig beskou nie." Wat 'n raak beskrywing is hierdie nie. Wilde partytjies en sedelose gedrag word soos modes aangehang. Iemand skryf dat mense vandag meer begaan is om 'n selfoon te verloor as hulle reputasie. 'n Kerk word die plek waar daar net so nou en dan inge-"check" word. Wat van goed en reg voel omdat jy staan vir dit wat goed en reg is?

Ons moet mekaar maar soms in die oë kyk sonder om te oordeel, of sommer maar té liberaal te raak oor alles. Die "Realiteittoets" is 'n goeie toets van tyd tot tyd. Sonder om kwaad te word as daar so 'n bietjie aan jou los drade getorring word. Die Skrif is duidelik oor alles. Dronkword is uit. Lieg en skinder is uit. Rondslap en alle vorms van egbreek is uit, om net 'n paar daarvan te noem. Alles waaraan jy verslaaf kan raak (moenie jou selfoon vergeet nie). Gaan lees die genoemde gedeeltes gerus saam met 1 Korintiërs 6:9-20. Hierdie is ongelukkig die dinge waarmee baie hulle besig hou.

'n Mens kan net werklik goed voel as jy eerlik die pad saam met die Here stap. Met vergifnis van sondes en 'n egte verhouding met jou Hemelse Vader wat jou liefhet, sal jy tot in ewigheid lewe. Die lewe wat Jesus vir ons kom moontlik maak het soos in Romeine 5. Dit is die ware Evangelie (Goeie Nuus), waarvan die Bybel praat.

Ek weet dat ná wat alles genoem is, jy ook dalk sal sê dat ek te wild is. Hoor my asseblief net uit. Jy sien die ding is: jy kan die ewigheid mis. Ek glo dat die Here ook wil hê dat ons die lewe kan geniet. In alles waarsku Hy ons met al hierdie Skrifgedeeltes, nie om ons in te perk nie, maar te beskerm. Hy het jou lief, en daarom gee Hy vir ons Sy Woord om ons te bemoedig soos in Romeine 15:4-6. Dis altyd vir my interessant dat as mense die Here vind in hulle lewe, hulle juis dié dinge wil los wat hulle gedink het hulle laat goed of beter voel het. Die realiteit is dat God jou liefhet en 'n pad saam met jou wil stap. Wil jy saam met Hom stap? Lees ook Hebreërs 12:14-29 en 2 Petrus 1:4. Die Here seën jou.



# INHOUD

06

Besigheidsoerwoud: Sakegeleenthede kom en gaan

10-11

Van dekking tot verkope ... wat word van die lammers?

**Uitgewer:**  
VKB en NTK

**Redakteur:**  
Hannelie Cronjé  
Posbus 100  
Reitz 9810  
Tel. 058 863 8223  
hanneliec@vkb.co.za

**Ontwerp en Uitleg:**  
Ryno Steyn (VKB)

**Taalversorging:**  
Lize Mulder

**Druk:**  
Oranje Drukkers, Senekal

**Advertensies:**  
Hannelie Cronjé (VKB)  
hanneliec@vkb.co.za  
Sel. 083 303 6117

*Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg.*

*Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.*

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampste, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

- 4 Voorwoord: Maak vrede. Wees gelukkig.
- 6 Besigheidsoerwoud: Sakegeleenthede kom en gaan
- 8 VKB Logistiek hou die wiele aan die rol
- 10-11 Van dekking tot verkope ... wat word van die lammers?
- 13-16 Ken jou regte Deel 1 en 2: As die myne aanklop
- 18-19 Swart Ekonomiese Bemagtiging speel al groter rol in landbou
- 22-23 Suid-Afrikaanse merinowol raak al hoe meer gesog op wêreldmarkte
- 24-25 Goeie bemestingsbeginsels vir koring verseker sukses
- 27-30 BPW: We think transport
- 31-33 Maak ooskuskoors ná 65 jaar dalk weer sy verskyning?
- 34-36 Somer, son en saffier kan ook seer beteken
- 40-41 VKB help bome plant (Deel 2)
- 42 Ontmoet Sas Kasselmann
- 43-45 NTK VKB Nuus
- 46 Wenner van Coin-kompetisie
- 48-49 Bieliemielie 2020
- 50-51 Meganisasie
- 52-53 Grainfield-resepte

13-16

Ken jou regte Deel 1 en 2: As die myne aanklop

22-23

Suid-Afrikaanse merinowol raak al hoe meer gesog op wêreldmarkte

34-36

Somer, son en saffier kan ook seer beteken

31-33

Maak ooskuskoors ná 65 jaar dalk weer sy verskyning?





## Maak vrede. Wees gelukkig.

In die lig van die komende Kersfees en nuwejaarsvoornemens haal ek aan uit 'n geskrif van die teoloog en skrywer Stephan Joubert:

“Om agter geluk aan te trek asof dit 'n idilliese aardse bestemming is, of om geluk te probeer koop asof daar 'n spesifieke geldwaarde aan blywende vorms van geluk gekoppel is, is net so goed soos om agter die wind aan te hardloop. Die Prediker sê jy gaan vir seker iets vang wanneer jy die wind jaag, maar dit gaan elke slag net nog 'n hand vol wind wees. As jy jou hand oopmaak, is dit alweer weg. Geluk is in die eerste plek nie 'n plek nie. Geluk kan nooit finaal vasgevang word in enige plek hier op aarde nie – nie as jy op soek is na langdurige 'te-vrede-nheid' nie. Geluk setel in jou hart... of nie. Dit is 'n binne-ding, bedoelende, dit begin binne-in jou. As jy nie hier binne-in jou vrede het met die Here, met jouself, met ander en ook met die lewe self nie, sal jy nooit blywende vrede vind nie. Dan sal geluk lewenslank 'n bewegende teiken bly wat jy keer op keer misloop. Maak vrede met Hom, met almal. Glo in daardie vrede wat jy opnuut gesluit het. Leef vanuit daardie vrede. Dit is geluk.”

Van ons sien verskriklik uit na die samesyn met familie hier oor die Kerstyd, maar daar is ook diegene wat baie op sien daarteen, want in elke familie is daar mos maar onderstrominge en goed wat haper. Vanjaar is dit jou beurt om die familie te onthaal en die gedagte dat daar van jou verwag word om die hele tyd 'n wag voor jou mond te sit omdat Skoonsus net wil oorneem of omdat Ouboeit homself weer te buite gaan gaan met die drankies, maak dat jy in die nag wakkerskrik en met swaarmoedigheid dink aan die paar weke wat voorlê. Jy bekommer jou oor die kritiek wat dié en daai een agter jou rug gaan lewer omdat jou huis lanklaas gevef is of omdat jy nie die mooi tuin het waar julle laasjaar by Kleinsus-met-die-rykman se huis bymekaargekom het nie. En jy dink “as ek maar so 'n mooi huis gehad het, sou ek gelukkig kon wees” of “as ek meer geld gehad het, sou ek 'n beter onthaler kon wees” of “as ek meer geld gehad het, sou ek beter geskenke kon gee”. Maar, soos Stephan hierbo sê: Dit is nie die goed wat jou regtig gelukkig sou maak nie.

Daar is niks meer bevrydend as om die ongelukkigheid en ontevredenheid oor hoe jou lewe uitgedraai het van jou skouers af te gooi nie. Of om jou beterweterige skoonsuster of jou broer met die liefde vir sy sopie gelate te aanvaar vir die mens wat sy en hy is en nie eens gedagtes te koester dat enigiemand jou agter jou rug gaan bespreek nie.

Verruil die negatiewe gedagtes vir 'n positiewe ingesteldheid waarmee jy ieder en elk welkom gaan laat voel. Wys vir elkeen dat jy hulle aanvaar net soos hulle is en vind vrede in jou hart met die feilbaarheid van elke liewe mens.

Wys vir mense jy is gelukkig. Deel jou innerlike vrede met hulle. Deel dit waaroor jy dankbaar is met hulle en vertel hulle van die wonderwerke in jou lewe. Net soos wat 'n negatiewe ingesteldheid aansteeklik is, net so inspireer dit mense wanneer jy blymoedigheid uitstraal omdat jy weet dat jy in jou hart vrede het.

Mag hierdie Kerstyd en Nuwejaar vir jou 'n vreugde- en vredevolle tyd wees en mag jy onthou dat dit die klein dingetjies is wat regtig saak maak, want as 'n mens fokus op al die klein hoogtepunte van elke dag, al die klein gebaartjies van liefde en toegeneëntheid, word die lewe een lang string vreugdes wat jou hart warm laat klop.

Beste wense tot volgende keer.

*Hannelie*





# *Jou moed kweek sukkses*

**Ons agribesigheid span is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigzaamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur.**

**Vir meer inligting, besoek [www.standardbank.co.za/business](http://www.standardbank.co.za/business)**

**YOU'RE GOOD TO GO.**

**Standard Bank Voluit Vorentoe™**

**D**ie twintigste sakeles wat bespreek word, verwys na sardientjies as gids vir skitterende sakegeleenthede wat kom en gaan.

Sardientjies is vernoem na die eiland Sardinië by Italië waar hulle voorheen in oorvloed voorgekom het. Sardientjies verskaf ruim voedsel in die meeste dele van die wêreld en word as gesonde kos beskou wat goed is vir die brein, deurdat dit ryk is aan Omega 3-vetsuur wat onder meer Alzheimersiekte vertraag. Sardientjies beweeg jaarliks vanaf hul tuiste in Agulhas deur Suid-Afrikaanse waters in Junie/Julie. Soms is hulle Mei-maand reeds in ons waters. Hulle lok dolfyne, haaië, ander vis, seevoëls en natuurlik mense. Miljoene individuele sardientjies beweeg deur ons waters wanneer 'n stroom koue water noord van die Agulhasbank tot by Mosambiek beweeg, waar dit dan die kus verlaat en verder oos na die Indiese Oseaan beweeg.

Sakegeleenthede kom en gaan. Terwyl sommige min potensiaal het, bied ander skitterende potensiaal – soos die 2010 Sokker-Wêreldbeker wat in Suid-Afrika aangebied was en die Rugby-Wêreldbeker wat pas in Japan plaasgevind het. Hoewel hierdie gebeurtenisse kom en gaan, bied dit gulde geleenthede vir vele entrepreneurs om finansiële munt daaruit te slaan.

Landbougeleenthede is meestal nie kortstondige geleenthede wat net kom en gaan nie. Dit verg langer beplanning en behoort die fokus in landbou te wees op skaars produkte waar die vraag die aanbod oorskry. Ons weet almal hoe te veel van dieselfde produkte ons pryse afdwing. Probeer dus die sogenaamde Surplus-Ekonomie vermy en verskaf eerder produkte met beter winspotensiaal. Die 2010 sokker-spektakel kon in 'n sekere sin vergelyk word met die reuse skole sardiens wat somtyds langs ons kus verbyswem. Wanneer dit gebeur, is daar 'n merkbare oplewing in die visbedryf, asook voedsel vir bestaansvissermanne en die publiek. Maar dit gebeur slegs wanneer koue seestrome deur ons oseane beweeg en sakemense moet dus gereed wees om so 'n sakegeleentheid te benut wanneer dit voorkom.

Dikwels meer as 10 km lank, bied hierdie skole sardiens 'n ryk voedselbron vir die seelewe, asook vir die publiek – 'n geleentheid waaruit beide partye voordeel kan trek. Die dolfyne staan op die voerpunt om

## Die toer deur BESIGHEIDSOERWOUD gaan voort...

Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Besigheidsoerwoud* en hierdie sakelesse word bespreek.

# Sakegeleenthede kom en gaan

die sardientjieskole op te spoor gevolg deur haaië, ander vis en mense. Die haaië volg die dolfyne amper soos in 'n gehoorsame posisie, want hulle beseft dat hulle afhanklik is van die knap vaardighede van die dolfyne om die sardientjieskole in die oseane op te spoor.

Watter lesse kan sakelui hieruit leer? Die dolfyne is saam met die haaië deel van 'n gekombineerde "taakmag" en mededingers moet ook soms leer om saam te werk om 'n bepaalde geleentheid te benut. Dit laat my veral dink aan uitvoere na China. Hulle vereis groot voorraad op een slag en dit kan landbouers dus baat om saam te werk om aan die voorgekrewe voedselvoorraad te voldoen.

Dit is opmerklik hoe landbouers begin het om perifere geleenthede te benut deur voedsel en akkommodasie aan plaaslike en buitelandse besoekers te verskaf. Ek konsulteer baie familieboerderye en oornag meestal by gastehuse op die plase waar ek konsulteer. Daar is ook geleenthede om aandenkings aan besoekers te verskaf om hulle te herinner aan hul besoek.

Wat kan jy doen om in hierdie behoeftes te voorsien? Is jou bemerking slaggereed, of het jy straks produkte of dienste wat jy via die Internet of deur reisagentskappe kan bemark?

As Suid-Afrikaners moet ons ons onderskeidende voordeel in 'n globale ekonomie verstaan en ons uniekheid promoveer. Ekotoerisme bied so 'n unieke geleentheid. In Suid-Afrika het ons 8 700 plantspesies tussen die Olifants- en Kunene-riviere, waarvan 73% nêrens elders in die wêreld aangetref word nie. Ons het 240 landdiere, terwyl al die lande in die hele Wes-Europa maar 125 landdiere het. Ons het meer as 750 skoelappersoorte, terwyl die Verenigde Koninkryk maar 75 soorte het. Ken jou land en die uniekheid van jou omgewing en bemark dit aan die res van die wêreld!

Die koms van skole sardiens bied omvangryke geleenthede vir ieder en elk om aan die fees deel te neem. Ons het gesien hoe mense in Junie vanjaar in plekke soos Durban en elders met swartsakke en selfs hul klere se sakke sardiens geoes het soos dit verbykom. Dis carte blanche vir almal!

Net soos internasionale sportbyeenkomste groot geleenthede bied, kan sakemense ook groter dink deur perifere geleenthede te benut. Daar is inderdaad geleenthede vir alle Suid-Afrikaners wat knap genoeg is om daaruit voordeel te trek.

Boerderye moet leer om familiewelvaart te skep deur vir kinders wat nie by die plase betrokke is nie, sakegeleenthede te skep waaruit die hele familie voordeel kan trek. Soms word hierdie ander sakegeleenthede later die kernsakeonderneming van die familie. Ina Lessing se konfyte en inmaak is 'n sprekende voorbeeld. Gaan lees gerus haar suksesverhaal by <http://www.inalassing.co.za/>.





*Bayer wens u 'n geseënde  
**FEESSSEISOEN** toe.*

**Facebook:** Bayer Crop Science  
Division Southern Africa

**Twitter:** @bayer4cropssa

**Bayer (Edms) Bpk.**

**Reg. Nr. 1968/011192/07**

Wrenchweg 27, Isando, 1601.

Posbus 143, Isando, 1600

**Tel: +27 11 921 5002**

[www.cropscience.bayer.co.za](http://www.cropscience.bayer.co.za)

[www.bayer.co.za](http://www.bayer.co.za)



# VKB Logistiek hou die wiele aan die rol

## Inleiding

Die Logistiek-afdeling ressorteer onder VKB Landbou (Edms.) Bpk. en vorm deel van VKB Landboudienste. Die afdeling bestaan uit 'n vervoermakelaarsafdeling, voertuigaankope en 'n onderhoud-en-herstel-funksie. VKB Groep beskik tans oor 400 voertuie wat die Vrystaat, Limpopo en Agri Processors/Nywerhede insluit. Die Groep spandeer maandeliks sowat R2,2 miljoen aan diesel en ry gemiddeld sowat 800 000 kilometer per maand. Dit sluit al die handelstakke, silo's, voermeulens, distribusiesentrums, ensovoorts in.

## Wat doen die Logistiek-afdeling?

Logistiek is betrokke by die aanry van roumateriale na die sojaboonpers en na die veevoerfabrieke in die Groep. Bone word vanaf die silo's versend na Villiers-silo waar dit in twee toegewyde buise vir Free State Oil gestoor word. Die sojaboonoliekoek en -olie word dan van Villiers af na Nywerhede se veevoerfabrieke en ook na buite-klieënte vervoer. Ten opsigte van die veevoerfabrieke is die afdeling ook betrokke by die vervoer van die versakte veevoerprodukte na die Limpopo-streek sowel as na buite-klante.

Logistiek werk ook baie nou saam met die Graan-afdeling, waarvan dit deel vorm, vir die vervoer van grane vanaf die silo's na klieënte asook na die Durban-hawe. Hulle is ook betrokke by die verskuiwing van die grane vanaf die bunkers na die silo's toe.

Met die aankoop van Multi Green op Villiers het die afdeling ook betrokke geraak by die vervoer van roumateriale na dié aanleg, sowel as die uitlaai van die versakte klaarprodukt-kunsmis.

Tussen die vervoermakelaars word daar sowat 1 600 vrugte per maand verskuif. 60 vragmotors van hierdie afdeling ry op 'n permanente basis. 30 van hulle word tussen die silo's en aanlegte benut en die ander 30 word gebruik vir langafstandvervoerwerk vir onder meer minerale. Van die vragmotors is van VKB-seile voorsien vir blootstelling en advertensiedoeleindes.

Logistiek het ook 'n werkswinkel op Reitz waar die vragmotors en toerusting van Grain Field Chickens sowel as Q-Pro Voere gediens en herstel word. Logistiek help ook met die vragmotors en voertuie van die Groep wat buite waarborg is se dienste en herstel. Logistiek beskik oor twee gekwalifiseerde dieseltgnikusse tesame met 'n span vakleerlinge.

Logistiek is verantwoordelik vir die aankope van die vlootvoertuie vir die Groep saam met die jaarlikse lisensiehernuwings wat sentraal op Reitz gedoen word. Vlootvoertuie word met opsporingstelsels sowel as kameras toegerus vir kontrolemaatreëls, sowel as om ondersoek en versekeringseise te vergemaklik.

Ons is baie bevoorreg en dankbaar om as 'n afdeling binne-in so 'n groot en suksesvolle instansie te funksioneer.







## Roetes en provinsies waarin Logistiek werk

Ons werk binne die grense van Suid-Afrika. Die meeste van die kortafstandvragmotors beweeg in die Vrystaat-, Gauteng- en Natal-omgewing met VKB Silo's en Free State Oil as die middelpunt. Verder is ons betrokke in:

- Mpumalanga
- Limpopo
- Noordwes
- Noord-Kaap
- Oos-Kaap
- Wes-Kaap
- KwaZulu-Natal

## Produkte wat vervoer word:

- Grane
- Soja-oliekoek
- Kunsmsis
- Minerale
- Mieliemeel
- Versakte veevoere

## Logistiek span:

Die span by hoofkantoor bestaan uit:

Alicia Morrison (Administratiewe assistent)

Nicolene Upton (Senior administratiewe assistent)

Hennie Schoeman (Logistieke makelaar)

Colin Truter ( Logistieke makelaar)

Bryan Boshoff (Bestuurder: Logistiek)

By die Poskar is:

Mkulu Vilakazi (Drywer)

Solomon Mosekili (Drywer)

In die werkwinkel is die voertuie in die bekwame hande van:

Jurie Cordier (Vlootkontroleur)

Leroi Crause (Dieseltegnikus)

Joseph Radebe (Tegnikus)

Inus Jordaan (Tegniese vakleerling)

Niklaas Dladla (Tegniese assistent)

Malefetsane Miya (Tegniese sistent)

John Mokoena (Drywer)

Andries Mahlaba (Drywer)



# Van dekking tot verkope ... wat word van die lammers?

**D**aar word redelik algemeen aanvaar dat 'n toename in lampercentasie by 'n vleisproduserende skaapras die grootste bydraer tot 'n toename in inkomste is. Hierdie stelling is ietwat misleidend, want uiteindelik gaan inkomste oor die aantal bemerkbare lammers en nie noodwendig die aantal lammers wat gebore word nie. Vanaf dekking tot verkope is daar baie wat verkeerd kan gaan en die sukses van die lamseisoen kan slegs behoorlik bestuur word as die aantal beskikbare lammers op gereelde punte vanaf dekking tot verkope gemeet word. Met sulke rekords kan die inkomste van die skaapvertakking met behulp van goeie bestuur verhoog word. Dit gaan in wese nie net oor lampercentasie nie, maar oor die oorlewing van lammers en dan die gewig wat hulle vanaf geboorte tot by verkope tot hulle geboortemassa kan voeg.

## Potensiaal vs verkoopbaar

In 'n opname wat op 'n plaas in Nieu-Seeland gedoen is, is daar vasgestel dat 100 ooie gemiddeld 161 eierselle tydens die dekseisoen vrygestel het. Die aanvanklike potensiaal is dus 161 lammers per 100 ooie, maar tydens skandering is daar 134 lammers bevestig. Daar het dus reeds 27 moontlike lammers tydens dekking verlore gegaan. Tydens die lamseisoen is daar 121 lammers lewendig gebore wat 'n verdere verlies van 13 lammers beteken. Na raming het twee van die ooie vóór geboorte geaborteer terwyl 11 lammers dood gebore is. Daar was dus 'n potensiele verlies van 40 lammers vanaf dekking tot geboorte wat reeds 'n wesentlike impak op die skaapvertakking se inkomste sou hê.

Die *Agriculture & Horticulture Development Board* in Kennilworth, Engeland, het 'n Excel-rekenaarmodel ontwikkel waarmee die kritieke prestasie-areas van 'n skaapvertakking gemeet kan word. Dit is beskikbaar by <http://beefandlamb.ahdb.org.uk/returns/tools/kpi-calculators/>. Die resultate van die Nieu-Seelandse opname word in Tabel 1 weergegee, soos bereken deur die model.

TABEL 1: REKORDDOUDING VAN LAMSEISOEN

		Kudde
Dek	Aantal ooie by ramme	100
	Aantal ramme gebruik	3
Skandeer	Aantal lammers in geskandeerde ooie	134
	Aantal enkelinge	68
	Aantal tweelinge	22
	Aantal drieling	0
	Aantal vierlinge	0
	Aantal ooie nie dragtig	10
Lam	Begin van lamseisoen	15/03/2018
	Aantal lammers lewendig gebore	121
	Aantal lammers lewendig na 48 uur	110
Speen	Gemiddelde gewig na agt weke (kg)	20
	Aantal lammers gespeen	108
	Gemiddelde ouderdom by speen (dae)	90
	Gemiddelde speengewig (kg)	30
Verkoop	Gemiddelde weegdatum van lammers	16/06/2018
	Aantal speenlammers verkoop	86
	Gemiddelde gewig by verkoop (kg)	40
	Aantal stoorlammers verkoop	0
	Gemiddelde gewig by verkoop (kg)	0
	Aantal lammers teruggehou	20
	Gemiddelde gewig by terughou (kg)	40
	Aantal lammers as aandeel verkoop	0
	Gemiddelde gewig by verkoop (kg)	0
	Totale aantal lammers grootgemaak	106
Totale gewig van lammers grootgemaak (kg)	4240	



deur dr. Philip Theunissen

Volgens Tabel 1 is 11 lammers binne 48 uur ná geboorte dood terwyl nog twee daarna tot speen gevrek het. Daar is uiteindelik 86 lammers verkoop terwyl 20 as vervangingsooitjies teruggehou is, wat meebring het dat daar 106 bemerkbare lammers van die 100 ooie gerealiseer het wat aanvanklik gedek was. Slegs hierdie 106 lammers, teen 'n massa van 40 kg elk, dra dus tot die inkomste by en nie die aanvanklike 161 beskikbare eierselle nie. Met behulp van noukeurige berekeninge kan die model vervolgens met verdere berekenings die probleemareas bepaal, soos in Tabel 2 uiteengesit.

TABEL 2: EFFEKTIEWE PRESTASIE VAN OOIE

		Kudde
Dek	Ooi/ram verhouding	33
Skandeer	Lammers geskandeer/ooie geskandeer	134%
	% nie-dragtige ooie tydens skandering	10%
Vrugbaarheid	Lammers gebore/ooie by ramme	121%
	Lammers lewendig na 48 uur/ooie by ramme	110%
	Lammers dood binne 48 uur/ooie by ramme	11%
	Lammers dood na 48 uur/ooie by ramme	2%
	Lammers gespeen/ooie by ramme	108%
	<b>Lammers grootgemaak/ooie by ramme</b>	<b>106%</b>
Lamverliese	Lamverliese van skandeer tot geboorte/lammers geskandeer (%)	10%
	Lamverliese binne 48 uur/lammers geskandeer (%)	8%
	Lamverliese ná 48 uur/lammers geskandeer (%)	1%
	<b>Lamverliese tot speen/lammers geskandeer (%)</b>	<b>1%</b>
Groeiurwes	Gemiddelde agt weke gewig van lammers (kg)	20
	Gemiddelde ouderdom by speen (dae)	90
	Gemiddelde speengewig (kg)	30
	<b>Gemiddelde toename in gewig by speen (kg/dag)</b>	<b>0.289</b>
	Gemiddelde 90 dae gewig van lammers (kg)	30.0
	90 dae lamgewig/ooie by ramme (kg)	32.4
	<b>Gewig van lam/ooie by ramme (kg)</b>	<b>34.4</b>
Ooieverliese	Nie-dragtige ooie (%)	10%
	Ooie mortaliteit (%)	1%
	Ooie geprul (%)	5%
	Vervangingskoers (%)	16%



Soos in Tabel 2 aangedui was daar 'n mate van 'n vrugbaarheidsprobleem deurdat tien ooie nie dragtig was nie. Dan was daar ook 'n oormatige aantal vrektes van 11 lammers binne 48 uur ná geboorte. Daarna het die lamkudde gestabiliseer met enkele latere vrektes. Hierdie boer kan dus op vrugbaarheid van sy ooie en op té groot lammers by geboorte of blootstelling ná geboorte, veral by die tweeling, fokus om sy aantal verkoopbare lammers te verhoog.

## Inkomste vs wins

Dit is onvermydelik dat 'n bespreking oor lampersentasie ook tussen inkomste en wins moet onderskei. Baie boere onderskei nie altyd tussen die twee begrippe nie en aanvaar dat inkomste gelyk is aan wins. Helaas is wins nie net inkomste nie maar inderdaad die verskil tussen inkomste en uitgawes. Dit mag dus meebring dat 'n hoë lampersentasie, en gevolglik meer verkoopbare lammers, ook met hoë uitgawes gepaardgaan, wat beteken dat die wins uiteindelik baie laag gaan wees. Daarteenoor kan skaapvertakkings met 'n lae lampersentasie maar met lae uitgawes dalk meer wins maak. Die wins, en nie inkomste nie, gaan dus bepaal of die boer met sy skaapvertakking gaan aanhou of nie. Enige ander rede waarom die boer met skape boer sal oor die lang duur by die venster uitwaai as hy voortdurend 'n verlies maak.

Saam met inligting oor die aantal lammers by verskeie punte van dek tot verkope is kennis oor die produksiekoste van die skaapvertakkings dus ook belangrik. 'n Begrip van watter uitgawes die grootste impak op die winsgewendheid van die skaapvertakking het, is gevolglik van deurslaggewende belang vir enige skaapboer.

Tabel 3 bevat inligting oor die inkomste en uitgawes van verskillende produksiemodelle en die volgende aannames is van toepassing:

- Die effektiewe speenpersentasie is bereken vanaf die ooie wat gedek is en sluit dus ooie wat nie dragtig was nie, ooie wat dragtig was maar nie gelam het nie en lammers wat gevrek het in.
- Die aantal bemerkbare lammers is deurgaans op 'n jaarbasis bereken.
- Hoe korter die lamintervalle, hoe ligter is die lammers se speengewig omdat die ooi nie tyd gegun word om self die lam tot by 'n swaarder gewig te voed nie.

TABEL 3: FINANSIËLE BEGROTING VIR VLEISWOLSKAPE (2019/20)

Rand per ooi per jaar:	Ekstensief met		Intensief met volvoersantsoene			
	Groenvoer	Oesreste	Lamintervalle			
	12 Mnde	12 Mnde	8 Mnde	9 Mnde	10 Mnde	12 Mnde
Effektiewe speen % pj	120	100	180	160	144	120
Speengewig	40	40	28	34	39	43
Prys/kg	30	30	30	30	30	30
Wolverkope	200	200	200	200	200	200
Veeverkope	1 440	1 200	1 516	1 650	1 693	1 552
<b>BRUTO PRODUKSIEWAARDE</b>	<b>1640</b>	<b>1400</b>	<b>1716</b>	<b>1850</b>	<b>1893</b>	<b>1752</b>
<b>DIREKTE UITGAWES</b>						
Lekke en Kragvoer	297	110	1 139	1 151	1 212	853
-Someriek/Volvoer	45	45	1 056	1 019	1 046	698
-Winteriek	160	65	0	0	0	0
-Kruisvoeding	92	0	83	132	166	155
Veemedisyne	65	33	65	65	65	65
Skandering	18	0	27	24	22	18
Sinkronisasie	0	0	128	113	102	85
Veearts	36	36	36	36	36	36
Ramaankope	40	40	80	64	53	40
<b>DIREKTE UITGAWES</b>	<b>R 456</b>	<b>R 219</b>	<b>R 1 474</b>	<b>R 1 454</b>	<b>R 1 490</b>	<b>R 1 097</b>
<b>VERANDERLIKE UITGAWES</b>						
Skeer koste	13	13	13	13	13	13
Bemarkingskoste	107	91	112	120	123	114
Vervoerkoste	2	2	4	3	3	2
<b>VERANDERLIKE UITGAWES</b>	<b>R 122</b>	<b>R 106</b>	<b>R 128</b>	<b>R 136</b>	<b>R 139</b>	<b>R 129</b>
<b>TOEGEDEELDE UITGAWES</b>						
Arbeid	70	70	105	93	84	70
Koste van aangeplante weidings	340	150	0	0	0	0
Reparasies	91	75	91	91	91	91
<b>TOEGEDEELDE UITGAWES</b>	<b>R 501</b>	<b>R 295</b>	<b>R 196</b>	<b>R 185</b>	<b>R 175</b>	<b>R 161</b>
<b>TOTALE UITGAWES</b>	<b>R 1 079</b>	<b>R 620</b>	<b>R 1 799</b>	<b>R 1 775</b>	<b>R 1 804</b>	<b>R 1 388</b>
<b>VERTAKKINGSMARGE</b>	<b>R 561</b>	<b>R 780</b>	<b>-R 83</b>	<b>R 76</b>	<b>R 89</b>	<b>R 364</b>
<b>VLEISPRODUKSIE (kg/ooi/j)</b>	<b>48</b>	<b>40</b>	<b>51</b>	<b>55</b>	<b>56</b>	<b>52</b>
<b>VOERKOSTE/Kg VLEIS</b>	<b>R 13</b>	<b>R 7</b>	<b>R 23</b>	<b>R 21</b>	<b>R 21</b>	<b>R 16</b>

Volgens Tabel 3 lewer die intensiewe stelsel met 'n lamseisoen van elke tien maande die hoogste inkomste, naamlik R1 893/ooi/jaar. Dit word behaal met 'n verkoopsentasie van (1.44 lammers/ooi/jaar) wat gemiddeld 39 kg weeg en teen R30/kg verkoop word. Die inkomste sluit ook R200 se wolverkope van die ooi in. Tabel 3 toon aan dat die ekstensiewe stelsel, wat van natuurlike weiding in die somer en oesreste in die winter gebruik maak, se totale uitgawes die laagste is, naamlik R620/ooi/jaar. Die intensiewe stelsel, waar daar elke agt maande gelam word, se totale uitgawes is R1 799/ooi/jaar. Gevolglik het hierdie stelsel 'n verlies van R83/ooi/jaar. Die ekstensiewe stelsel, wat van natuurlike weiding in die somer en oesreste in die winter gebruik maak, se wins is gevolglik die hoogste, naamlik R780/ooi/jaar. Tabel 3 dui verder aan dat die totale voeruitgawes van die intensiewe stelsels aansienlik hoër as dié van die ekstensiewe stelsels is omdat laasgenoemde grootliks van natuurlike voedselbronne gebruik maak. Met uitsondering van die ekstensiewe stelsel op oesreste, produseer al die stelsels gemiddeld net meer as 50 kg vleis/ooi/jaar, ongeag die hoeveelheid lammers wat geproduseer word. Die intensiewe stelsel, met lammers elke tien maande, produseer die meeste, naamlik 56 kg vleis/ooi/jaar. Hoewel die ekstensiewe stelsel met oesreste net 40 kg vleis/ooi/jaar produseer, kos dit slegs R7/kg aan voer (direkte én toegedeelde voerkoste) om hierdie vleis te produseer terwyl dit R23 aan voerkoste behoort om een kilogram vleis in 'n agt maande intensiewe lamstelsel te produseer. Die korter lamintervalle beteken dus nie noodwendig meer vleisproduksie nie en verlaag ook nie noodwendig die voerkoste om hierdie vleis te produseer nie.

## Hulpbronbenutting

Enige boerderystelsel moet uiteindelik oor die optimale, volhoubare benutting van beskikbare hulpbronne gaan. Die basiese beginsel is dat die boer self moet besluit hoeveel hy van 'n produk kan produseer met die hoeveelheid arbeid, roumateriaal en kapitaal wat hy tot sy beskikking het. Dit bepaal dan die hoeveelheid lammers wat verkoop kan word, teen watter gewig hulle verkoop word en wat die koste gaan wees om die vleismassa te produseer. Daar is eerstens 'n fisieke verwantskap, byvoorbeeld die verwantskap tussen die hoeveelheid voer om 'n hoeveelheid lammers te produseer. Die fisieke hoeveelhede word dan tweedens in 'n finansiële verwantskap uitgedruk, naamlik die uitgawe aan 'n kilogram voer teenoor die inkomste van 'n kilogram vleis. Waar een van die komponente binne hierdie verwantskap 'n beduidende impak op die ander een het, soos byvoorbeeld die voerkoste van intensiewe lamstelsels op vleisproduksie, raak dit des te meer van kritieke belang om die optimale punt van produksie te vind waar wins, en nie noodwendig lampersentasie nie, die hoogste is.

## BRONNE:

Agriculture & Horticulture Development Board. <http://beef-andlamb.ahdb.org.uk/>  
 Beef & Lamb New Zealand. Making every mating count. June 2013  
 Cameron Ludeman & G Trafford. The profitability of imported lambing percentages. 3 September 2009.  
 Vertakkingsbegrotings 2019/20, Computus Bestuursburo.



# DIE SILWER RANDJIE OM ELKE HAELWOLK



## Elke haelwolk kan 'n silwer randjie hê

Stormweer kan astronomiese gevolge inhou vir jou gewasse wat tans op die lande staan... veral as 'n belowende oes in 'n ommesientjie deur hael verwoes word.

Klimaatselemente wat veranderlikheid asook risiko's in landbouproduksie meebring, maak oesversekering onmisbaar. Kies dus slim en beskerm jou oes teen onvoorsiene katastrofes met AgriSeker se omvattende en volhoubare risikobestuursoplossings en -produkte.

**Maak AgriSeker die silwer randjie om die haelwolk op jou horison.**

Besoek ons aanlyn by [agriseker.co.za](http://agriseker.co.za) of kontak jou Versekeringsmakelaar.





# As die myne aanklop

deur Morné Viljoen



As daar een onderwerp is wat by boere 'n bitter smaak in die mond laat, is dit die uitwerking van mynboubedrywighede op natuurlike hulpbronne. Vir die meeste boere is die nalatenskap van myne alleen maar nadelig. Die voordele wat mynbou vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis en huidige ekonomiese status meebring, vervaag as boere kyk na die skade wat mynbou hulle dikwels regstreeks berokken.

Daarom is dit nodig om vas te stel hoe die reg moontlike konflik tussen die regte van myne en boere kan benader en oplos. Die doel van hierdie reeks artikels is om die boer in staat te stel om die verstandhouding en interaksie tussen boer en myn te kan bestuur. Die artikels poog om boere te bemagtig deur inligting oor die belangrikste toepaslike wetgewing te verstrek.

Die reeks oor mynbou sal die volgende aspekte dek:

- Riglyne met betrekking tot toegang;
- Die boer se regte; en
- Die myn se regte.

Landbou en mynbou is gedurig in konflik met mekaar. Beide mynmaatskappye en boere wil die land se natuurlike hulpbronne vir verskillende doeleindes aanwend. Minerale regte vorm nie deel van 'n persoon

se eiendomsreg nie en gevolglik kan mynmaatskappye aansoek doen om minerale regte op 'n boer se grond te bekom. Toegang tot die boer se grond deur mynboumaatskappye en hul konsultante is ook 'n probeem. Selfs al is 'n myn nie op 'n boer se eiendom geleë nie, kan 'n myn wat aangrensend tot 'n plaas is, 'n geweldige impak op die plaas hê. Die uitwerking van mynbou op boere is legio:

- impak op die gehalte en kwantiteit van water (beide oppervlak- en grondwater)
- lugbesoedeling
- grondbesoedeling
- impak op die boer se infrastruktuur
- besoedeling van grond
- visuele impakte
- geraasbesoedeling
- uitwerking op biodiversiteit
- erfenisbronne (bv. familiegrafte wat op plase geleë is)
- sosio-ekonomiese impakte (bv. die invloed van werkers wat soms met verhoogde misdaad gepaardgaan)
- grondvibrasie



**VS**





Dit is onmoontlik om alle tersaaklike wetgewing in volledige besonderhede in hierdie reeks te bespreek en daar word na die volgende verwys:

- die gemenegereg;
- die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);
- die Wet op Minerale- en Petroleumhulpbronneontwikkeling (Wet 28 van 2002);
- die Nasionale Wet op Water (Wet 36 van 1998);
- die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998);
- die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte (Wet 39 van 2004);
- die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit (Wet 10 van 2004)
- die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Beskermdes Gebiede (Wet 18 van 1998);
- die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval (Wet 59 van 2008);
- die Wet op die Beskerming van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983);
- die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande (Wet 101 van 1998); en
- die Nasionale Wet op Bosse (Wet 84 van 1998)

Wetgewing word deesdae selde in Afrikaans gepubliseer. Die brondokumente wat vir hierdie artikels gebruik is, is in Engels gepubliseer. Regstegniese terminologie en dié wat spesifiek op mynbou van toepassing is, is hoofsaaklik in Engels beskikbaar. Omdat die boer in sy omgang met die mynboumaatskappye voor sodanige Engelse terminologie te staan sal kom, is die Engelse terme en afkortings in hierdie reeks artikels gebruik. Wetgewing wat mynbou en die bestuur van omgewingsimpakte reguleer, verander gedurig. Maak dus van tyd tot tyd seker dat die wetgewing nie verander het nie.

## Eienaarskap van grond

Die regte rondom eienaarskap van grond in Suid-Afrika het sy oorsprong in die Romeins-Hollandse reg, wat dan vervat word in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996).

Artikel 25 van die Grondwet bepaal dat niemand van sy eiendom ontnem mag word nie en dat geen regsvoorskrif die arbitrêre ontneming van eiendomsreg mag toelaat nie. Eiendomsreg mag slegs onteien word ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif vir 'n openbare doel of in die openbare belang, onderhewig aan die betaling van vergoeding.

Die registrasie van grondregte en ander soortgelyke regte wat te doen het met onroerende eiendom word gereguleer ingevolge van die Wet op die Registrasie van Aktes (Wet 47 van 1937). Elke stuk grond word hiervolgens in 'n diagram aangedui waarop eiendomsreg aangedui word en wat aan die eienaar sekerheid van sy/haar eiendomsreg verskaf.

Die grondliggende reg wat vestig op grond is een van eienaarskap. Die meeste privaatgrond in Suid-Afrika is onderhewig aan eienaarskap.

Geboue en ander onroerende strukture op grond word geag aan die grond te kleef en vorm deel van die eienaarskap van die grond. Aparte eiendomsreg in geboue of gedeeltes daarvan kan wel in die Wet op Deeltitels (Wet 95 van 1986) vestig.

Wat mineraalregte aanbetref, is voorheen aanvaar dat die eiendomsreg van grond ook die eiendomsreg insluit van wat bo asook onder die grond mag wees. Die eienaar kon dus vir sy of haar eie rekening na minerale soek en daarvoor myn op sy grond.

Die reg het egter ook vir die skeiding van dié regte voorsiening gemaak. Ingevolge hiervan kon die reg om te prospekter en/of te myn vir minerale aan derde partye oorgedra word. Dit kon op verskeie maniere geskied, onder meer deur 'n notariële akte van sessie.

Die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne (Wet 28 van 2002), in Engels bekend as die *Mineral and Petroleum Resources Development Act* (MPRDA), het die situasie egter drasties verander.

## Eiendomsreg op grond en mineraalregte

Suid-Afrika is natuurlik ryk aan minerale hulpbronne. Sedert die ontstaan van mynboubedrywighede in Suid-Afrika was daar 'n direkte skakel tussen die eiendomsreg van grond en toegang tot minerale hulpbronne. Enige wysiging of verandering aan die toegang tot minerale hulpbronne sou 'n invloed op eiendomsreg van grond en minerale daarop of daarin tot gevolg hê.

Op 1 Mei 2004 het die Suid-Afrikaanse mineraalregbedeling verander met die inwerkingtreding van die MPRDA. Die Wet is gepromulgeer om gelyke toegang tot die volhoubare gebruik van die nasie se minerale- en petroleumhulpbronne te fasiliteer. Die voorrede tot die MPRDA maak ook voorsiening vir die volgende:

- om alle apartheidspraktyke in die mynbousektor uit te wis;
- om die gevolge van die ongelyke verdeling van ekonomiese voordele wat voortspruit uit die land se apartheidsgeschiedenis aan te pak; en
- om 'n internasionaal mededingende en doeltreffende mynboubestel te skep.



Die grondslag van die MPRDA is gevestig op die beginsel dat eienaarskap van die regte op minerale op en onder die grond geskei word van die eiendomsreg op die grond waar die minerale moontlik voorkom. Die eienaarskap van alle minerale vestig by die staat ingevolge die MPRDA.

*Morné Viljoen is bestuurder van EOH Legal Services se omgewingswetgewingdepartement. Hy het op versoek van die NWKV 'n handleiding saamgestel om boere toe te rus om hul interaksie met mynmaatskappye beter te bestuur. Hierdie artikel is die eerste in 'n reeks wat in die tydskrif Wolboer gepubliseer is. Vir meer inligting tree met hom in verbinding per e-pos: mome.viljoen@eoh.co.za*

**Bron:** <https://www.nwga.co.za/file/5bfd3deec4a6/ken-jou-regte-deel-1-vol-5-no-1.pdf>





# **BUILT** **FOR ADVENTURE**

Trusted since 1995, Kaufmann's comprehensive range of outdoor products are reliable and suitable for every adventure. Built the Kaufmann way, our products are built with innovation, built to last and to ensure customer satisfaction.



**GO VISIT [KAUFMANNOUTDOOR.CO.ZA](http://KAUFMANNOUTDOOR.CO.ZA) TO VIEW OUR RANGE**



**KAUFMANN**

KAUFMANN OUTDOOR IS AVAILABLE FROM  
PARTICIPATING NTK/VKB STORES

KAUFMANN OUTDOOR IS  
EXCLUSIVELY DISTRIBUTED BY  Agrinet



# As die myne aanklop

**A**lhoewel die Grondwet eienaarskap van grond beskerm, verleen die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne (Wet 28 van 2002) aan mynmaatskappye die reg om op jou plaas sonder jou toestemming te myn. Die Wet staan in Engels bekend as die Mineral and Petroleum Resources Development Act, oftewel die MPRDA.

Betreding van plase deur mynboumaatskappye

Om op 'n plaas te myn, moet die betrokke mynmaatskappy wel die nodige bevoegdheid in die vorm van 'n geldige en afdwingbare myn- of prospekterreg hê. Die MPRDA bepaal in artikel 5A dat geen persoon minerale mag verwyder, met enige prospekterwerk mag begin of enige werk wat daarmee verband hou mag doen voordat die mynmaatskappy nie:

1. 'n geregistreerde prospekterreg of mynreg hou nie;
2. 'n goedgekeurde omgewingsmagtiging vir die betrokke aktiwiteite het nie; en
3. die grondeienaar of wettige okkupeerder 21 besigheidsdae voordat 'n verteenwoordiger van die maatskappy die grond mag betree skriftelik daarvan in kennis gestel het nie.

Die mynmaatskappy wat sodanige reg het, moet dus die boer skriftelik kennis gee alvorens 'n verteenwoordiger van die maatskappy die plaas mag betree.

In hierdie verband tree die mynmaatskappy gewoonlik in gesprek met die boer of wettige okkupeerder van die grond en kom ooreen op die betaling van vergoeding vir die gebruik van die grond vir prospektering- of mynboudoeleindes. Die boer of wettige okkupeerder van die grond moet seker maak dat so 'n ooreenkoms ook die metode van betreding, die toemaak van hekke en alle aangeleenthede wat vir die boer of grondeienaar van belang is, omskryf.

Indien die partye nie kan ooreenkom op die vergoeding nie en die vergoeding volgens die mynmaatskappy onredelik is, of as toegang geweier word, of as die eienaar nie opgespoor kan word nie, moet die mynmaatskappy die streeksbestuurder van die Departement van Minerale Hulpbronne (Department of Mineral Resources) daarvan in kennis stel.

Die MPRDA bepaal verder dat die aangewese bestuurder pogings moet aanwend om die partye 'n ooreenkoms te laat bereik oor die voorwaardes vir betreding en/of dat die bedrag betaalbaar as vergoeding vir die boer deur 'n arbiter bepaal moet word. Die aangestelde arbiter moet 'n onafhanklike persoon wees en sy beslissing oor die vergoedingsbedrag is bindend op die partye (met ander woorde die boer of grondeienaar en die mynmaatskappy). Onder sekere omstandighede mag die streeksbestuurder ook aanbeveel dat die grond deur die staat onteien word, wat dan vergoeding vir die onteiene grond aan die boer of eienaar moet betaal.

Alternatiewelik kan die mynmaatskappy die hof nader vir 'n bevel om die boer of eienaar te verplig om aan hulle toegang tot die grond te verleen. In gepaste gevalle kan die grondeienaar 'n interdik bring om die mynmaatskappy toegang te weier.

Voorvereistes vir prospektering of mynbouaktiwiteite  
Die mynmaatskappy moet oor die volgende goedkeurings beskik alvorens prospektering of mynboubedrywighede mag begin:

- 'n wettige en geregistreerde myn- of prospekterreg;
- 'n watergebruiklisensie vir die betrokke aktiwiteite;
- 'n omgewingsbestuursplan (Environmental Management Plan, EMPR) en/of 'n omgewingsmagtiging (Environmental Authorisation, EA); en
- 'n prospekterwerkprogram of mynwerkprogram wat die betrokke aktiwiteite goedkeur.

Bogenoemde goedkeurings verteenwoordig die basiese goedkeurings. Bykomende goedkeurings kan ook nodig wees, byvoorbeeld met betrekking tot die hantering van afval wat uitskothope (discard dumps of residue deposits of residue stockpiles) insluit, die vrylating van besoedelde lug, die uitwerking op inheemse fauna en flora, en laastens moet die grond vir mynbou gesoneer wees indien die betrokke dorpsbeplanningskema dit vereis. Die boer of grondeienaar kan toegang weier as die mynmaatskappy nie bevredigend bewys van bogenoemde dokumente kan lewer nie.

Konsultasieproses

Wanneer 'n mynmaatskappy dus om toestemming vir prospekter- of mynboudoeleindes aansoek doen, is die maatskappy verplig om eerstens te konsulteer met alle belanghebbende partye wat deur die aansoek geraak kan word. Dit is nadat die aanvanklike aansoekvorm deur die Departement van Minerale Hulpbronne aanvaar is. Die mynmaatskappy moet as deel van die proses akkurate inligting gee oor wat met die mynbouaktiwiteit beoog word en die boer of grondeienaar kan sy bekommernisse onder die aandag van die mynmaatskappy en die staat bring. As deel van die aansoekproses en die tipe reg waarvoor aansoek gedoen word, is daar verskillende vereistes waaraan die mynmaatskappy moet voldoen, wat meer breedvoerig hieronder verduidelik word.

Die boer of grondeienaar moet seker maak dat die mynmaatskappy hierdie vereistes noukeurig nagekom het en nie sy verpligtinge ontduik het deur byvoorbeeld die vergadering te hou op 'n plek of tyd wat dit moeilik gemaak het vir belanghebbende partye om dit by te woon nie. Die proses van openbare deelname (en, in gepaste gevalle, opponering) begin reeds hier. Die boer of grondeienaar moenie wag tot die tyd wanneer die mynmaatskappy die grondgebied wil betree om besware teen die voorgename mynbouaktiwiteite te opper nie.

Dit kan onder omstandighede tot 'n nadelige afleiding deur die staat, arbiter of howe lei as die boer of grondeienaar nie van meet af aan die konsultasieproses deelgeneem het nie. Klem word in die wetgewing geplaas op die belang van konsultasie as deel van die proses. Hierdie belangrike saak moenie ligtelik opgeneem word nie, want dit dien as die grondslag waarvolgens die boer en, waar toepaslik, die gemeenskap die voorgename mynbouaktiwiteite kan teëstaan.

Bron: <https://www.nwga.co.za/file/5bfd3e0566100/ken-jou-regte-deel-2-vol-5-no-2.pdf>

Morné Viljoen is bestuurder van EOH Legal Services se omgewingswetgewingdepartement. Hy het op versoek van die NWKV 'n handleiding saamgestel om boere toe te rus om hul interaksie met mynmaatskappye beter te bestuur. Hierdie artikel is die eerste in 'n reeks wat in die tydskrif Wolboer gepubliseer is. Vir meer inligting tree met hom in verbinding per e-pos: [morne.viljoen@eoh.co.za](mailto:morne.viljoen@eoh.co.za)



# Effektiewe onkruidbeheer ... elke keer Roundup® – steeds die effektiefste oplossing.

Wanneer dit kom by breëspektrum-onkruidbeheer as deel van 'n oesbeskermingsprogram, bly Roundup® se konsekwente kwaliteit steeds onoortreflik. Roundup® is mengbaar met 'n wye reeks ander oesbeskermingsprodukte. Dit is die ideale produk wat bewaringslandbou moontlik maak en hou jou grense, landerye en meerjarige gewasse onkruidvry. So help dit jou gewasse om hul volle potensiaal te bereik.

**Roundup**  
**TURBO**  
HERBICIDE

- Gebruik dit as 'n voor-plant onkruiddoder vir gemoedsrus.
- Maak bewaringslandbou moontlik.
- Is reënvas binne twee ure na toediening.

**Roundup**  
**PowerMAX**  
HERBICIDE

- Verseker oesveiligheid.
- In **Roundup Ready®**-gewasse kan dit na opkoms bo-oor die gewas gespuit word of as 'n gerigte bespuiting op bv. mielies, soja en katoen.
- Is reënvas binne een uur na toediening.



- Bevat Transorb™-tegnologie vir vinniger absorpsie en translokasie



- Toedieningsaanpasbaarheid volgens individuele etiketaanbevelings



- Breëspektrum-onkruidbeheer



Vir doeltreffendheid en oesbeskerming, asook die korrekte gebruik van die produkte, lees die produketikette vir volledige gebruiksaanwysings. Slegs die korrekte en verantwoordelike gebruik van hierdie onkruidodders sal uitstekende onkruidbeheer verseker wat die groei van jou oes en profyt tot gevolg sal hê.

Roundup® bevat 360 g glifosaat/ℓ. Wees versigtig, Reg.nr. L0407 (Wetnr. 36 van 1947), Roundup® PowerMAX bevat 540 g glifosaat/ℓ. Wees versigtig, Reg.nr. L7769 (Wetnr. 36 van 1947), Roundup® TURBO bevat 450 g glifosaat/ℓ. Reg.nr. L7166 (Wetnr. 36 van 1947), is Groep G-onkruidodders en is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Gebruik die onkruiddoder op 'n veilige manier. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



# Swart Ekonomiese Bemagtiging speel al groter rol in landbou

Hoe pas ek as boer swart ekonomiese bemagtiging op die plaas toe, en wat presies is die rol en die voordeel daarvan?

Hierdie vrae het Hannelie Cronjé genoep om verskeie kenners op die gebied te nader vir antwoorde. Hierdie artikel is gegrond op inligting wat deur hierdie kenners verskaf is. Deelnemers aan die gesprek was dr. Jack Armour van Vrystaat Landbou wat op die Vrystaatse Landbou-SEB-forum van die Nasionale Handvesraad dien, Gernie Botha, 'n regsadviseur by Vrystaat Landbou en Gerrit van Vuuren, die kommersiële direkteur van Joubert Van Vuuren Prokureurs.

## Geskiedenis

Waar het die begrip swart ekonomiese bemagtiging (SEB) sy ontstaan?

In 'n poging om die ekonomie sover te kry om tot 'n billiker verdeling van rykdom te transformeer sonder om die ekonomie te destabiliseer, het swart besigheidsliggame in 1998 die Swart Ekonomiese Bemagtigingskommissie gestig, 'n dinksrum bestaande uit politici, ekonome en konsultante wat hulle dit ten doel gestel het om oplossings te vind vir die probleme wat swart ekonomiese transformasie belemmer het. In 2001 het hulle 'n verslag voorgelê wat die regering se siening van SEB verander het en in die breë die rigting vir die pad vorentoe aangedui het.

In die eerste plek het hulle aanbeveel dat die staat die bestuur van die projek oorneem en in die tweede plek het hulle aangedui dat SEB meer as die blote oordrag van bates is. Ook ander aangeleenthede soos vaardigheidsontwikkeling, die stel van billiker standaarde in die werkplek en die algemene opheffing van gemeenskappe is in dié verband geopper. Derdens het hulle aangedui dat, tensy daar 'n manier is waarop 'n onderneming se bydrae tot SEB gemeet kan word, die proses nie bestuur sou kon word nie.

Op grond hiervan het die regering in 2003 'n strategie-dokument uitgereik. In hierdie dokument is die idee van 'n SEB-telkaart bekendgestel.

Daar was dus vir die eerste keer 'n meganisme waarvolgens die vordering van SEB gemeet en dus bestuur kon word. Ná verskeie konsep-SEB-kodes en -telkaarte het die sakewêreld, die staat, georganiseerde arbeid en die burgerlike samelewing uiteindelik die finale SEB-kodes vir Goeie Praktyk onderteken en op 9 Februarie 2007 is dit in die Staatskoerant gepubliseer.

## Hoe werk SEB?

Die SEB-kodes stel die beginsels van hoe organisasies gemeet moet word ten opsigte van hul maatskaplike bydraes en dit omskryf telkaarte wat teikens vir elke "element" van die telkaart stel, asook 'n seker aantal punte vir die behaling van daardie teikens (ook bekend as die gewigstoekenning vir daardie element). Daar is verskeie telkaarte en die een wat gekies moet word, hang af van die grootte, sektor of eiendomsreg van die betrokke besighede.

Die Departement van Handel en Nywerheid (in Engels "the dti" genoem) was verantwoordelik vir die ontwikkeling van die SEB-kodes en daarom word die belangrikste Goeiepraktykkodes vir SEB en die telkaarte wat uit daardie dokument voortgevloei het, dikwels die dti-telkaart genoem.

## AgriSEB se geskiedenis

Omdat die dti-telkaart hoofsaaklik generiese teikens stel, het verskeie sektore hul eie telkaarte ontwikkel, waarvan die landbousektor een is. Die AgriSEB maak dus voorsiening vir die werksaamhede van belanghebbende partye in die landboubedryf. In Julie 2004 is die eerste AgriSEB-raamwerk voorgestel en in Maart 2008 die AgriSEB Transformasie-handves Artikel 12. Ook in Maart 2003 is die konsep vir die AgriSEB-sektorkode (Art. 9(5) van die 2003-wet) voorgelê. Die finale Artikel 9(1) van hierdie sektorkode is in Desember 2012 aangekondig. Die konsep vir die Gewysigde AgriSEB-sektorkode vir Artikel 9(5) van die 2003-wet is in November 2015 voorgelê en die Finale Gewysigde AgriSEB-sektorkode vir Artikel 9(1) van die 2013-wet is in Desember 2017 aanvaar.

## Omvang

Die omvang van die AgriSEB-sektorkode sluit enige onderneming in wat 50% van sy omset verkry uit:

- die primêre produksie van landbouprodukte;
- die voorsiening van insette en dienste aan ondernemings betrokke in die produksie van landbouprodukte;
- die veredeling van landbouprodukte, hetsy van 'n primêre of semi-veredelende vorm; en
- die berging, verspreiding en/of verhandeling en verwante werksaamhede met betrekking tot nie-veredelde landbouprodukte.

Die omvang van die AgriSEB sluit spesifiek aangewese groepe as begunstigdes in, soos:

- die jeug;
- vroue;
- mense met gestremdhede;
- militêre veterane;
- plaaswerkers; en
- swart mense in plattelandse en onderontwikkelde gebiede.

Vyf sleutelelemente vorm die gewysigde telkaart by AgriSEB-ondernemings:

- Eienaarskap (stemreg en grondeienaarskap);
- bestuursbeheer;
- vaardigheidsontwikkeling;
- ondernemer- en verskaffersontwikkeling; en
- sosio-ekonomiese ontwikkeling.

Vir elkeen van hierdie sleutelelemente is daar onderskeie telkaarte met verskillende gewigte en ook die teikens waaraan voldoen moet word wat spesifiek op die landbousektor van toepassing is. Ons kyk kortliks wat onder elkeen van hierdie sleutelelemente van die landbou-onderneming verwag word en wat met elkeen van hierdie elemente bedoel word.

## Eienaarskapsvereiste

Die doel van die eienaarskapselement is die bevordering van billike toegang en deelname in die eienaarskap van 'n onderneming, asook die ontsluiting van entrepreneuriese potensiaal in die



landbousektor. Die regering het ten doel om uiteindelik hierdeur volhoubaarheid in die sektor te verseker. Die regering besef egter terdeë dat finansiering van herstrukturering, ten einde eienaarskap te verseker en bevorder, 'n geweldige uitdaging is.

Die agrisektor se onderneming aan die regering was dat hulle graag wil bydra deur swart deelname te laat groei en eienaarskap in die sektor te bevorder. Dit behels nie net dat swart mense ekonomies vooruit moet kan gaan nie, maar ook dat hul stem gehoor moet word. Hierdie mag die verkoop van eienaarsbelang en bates en/of vennootskappe met plaaswerkers en ander swart entrepreneurs insluit. Dienooreenkomstig was die regering se onderneming om 'n wetlike omgewing te skep wat swart eienaarskap bevorder en SEB-fondse beskikbaar stel en fasiliteer.

## Bestuursbeheer

Hierdie element se doelwit is om die deelname van swart mense (insluitend swart vroue) op bestuursvlak in landbou-ondernemings te bevorder. Meganismes moet dus in plek gestel word om swart persone in bestuursposisies te bevorder om sodoende hul vaardigheidsvlakke uit te brei by wyse van sekondêre en tersiêre opleiding, beide binne die onderneming asook deur middel van ander ontwikkelingsprogramme.

## Vaardigheidsontwikkeling

Ten einde die landbousektor kommersieel lewensvatbaar te hou, is die volgende noodsaaklik:

- Produktiwiteit;
- hoë vlakke van entrepreneurskap; en
- 'n langtermynverbintenis tot vaardigheid- en hulpbronontwikkeling.

Transformasie vereis dat die sektor so spoedig moontlik veranderinge moet maak om 'n omgewing te skep waarin menslike hulpbronne behoorlik aangewend kan word deur in mense te investeer om arbeidsgelykheid te skep en institusionele transformasie te laat plaasvind.

Spesifieke (en kritieke) vaardighede in die landbousektor moet geïdentifiseer word sodat die onderwys- en opvoedingstelsel daarop kan fokus om sodoende aan die mark en landbousektor se vereistes te kan voldoen.

## Onderneming- en verskaffersontwikkeling

Meer swart entrepreneurs en nyweraars moet geïdentifiseer en in hul eie ondernemings gevestig word. Elke tweede jaar gaan die AgriSEB-sektorraad die situasie beoordeel ten einde uitspraak te lewer of daar aan die vereistes voldoen word.

Die beoordelingsvereistes is dat daar voorkeurverskaffing asook onderneming- en verskafferontwikkeling moet plaasvind. Die algemene beginsel is om swart ondernemings te ondersteun waar sulke ondernemings aan die landbousektor verskaf. Die doelwit is om die nywerheidsbasis in kritieke sektore van 'n produksie- en waardetoevoeging by vervaardiging te ondersteun en uit te brei. Plaaslike aankope moet die kapasiteit uitbrei en deur middel van die verskaffingsontwikkelingsprogramme en ander aansporings kan kapasiteit verhoog word. Geleenthede moet dus geïdentifiseer word ten einde die aankope by geselekteerde verskaffers te bevorder.

Daar word beoog om sulke swart-beheerde ondernemings so gou moontlik tot die hoofstroomekonomie te bevorder. Die landboubedryf het onderneem om proaktief 'n verskaffings- en aankopestrategie en -beleid te implementeer. Daar sal ook jaarliks gerapporteer word wat die spandering op voorkeurverskaffing was. Konsensus tussen georganiseerde landbou en die regering is bereik dat die operasionele en finansiële kapasiteit van swart entrepreneurs so spoedig moontlik versterk moet word en dat daar behoorlike mentorprogramme moet wees. Deel van die opheffing is dat die infrastruktuur en markte oopgemaak moet word. Die toepassing van tegnologie is wesenlik tot die sukses daarvan.

## Sosio-ekonomiese ontwikkeling

Sosio-ekonomiese ontwikkeling verwys na die bydraes binne die landbousektor ten einde swart mense toegang tot die ekonomie te gee. Die inisiatiewe moet ten doel hê om aan swart mense sosiale en ekonomiese geleenthede te verskaf en prioriteit moet daaraan gegee word om die toegang te implementeer. Die doelwit is weer eens dat die uiteinde hiervan die skep van 'n volhoubare lewensbestaan moet wees. Ondernemings gaan moet bewys dat hulle gekonsulteer het met die begunstigdes om aan hulle verwagtinge te voldoen.

Wat die kode nie ten doel het nie, is dat sosio-ekonomiese ontwikkeling aan lone gebind moet wees – dit het eerder ten doel om swart persone deel te maak van die hoofstroomekonomie. Deel hiervan is inisiatiewe waar plattelandse werkers en lede van die landbousektor toegang moet hê tot goeie behuising, skoon water en sanitasie, elektrisiteit, ontspanningsfasiliteite, behoorlike gesondheidsprogramme asook onderwys en opleiding.

## Hoekom aan die kode voldoen?

'n Boer sal nie in die tronk beland of 'n boete opgelê word as hy nie aan die swart ekonomiese bemagtigingskode vir die landbousektor voldoen nie, maar daar is tog ekonomiese faktore wat voldoening aan hierdie kode aanmoedig en ook afdwing.

Volgens die AgriSEB-kode word boerderye of ondernemings met 'n omset van minder as R10 miljoen en minder as 51% swart aandeelhouing, outomaties erken as 'n sogenaamde vlak 4-onderneming, oftewel 100% erkenning van voldoening. Die sertifikate wat 'n mens vir SEB-voldoening kry, word in agt vlakke uitgereik. Vlak een is die hoogste (135% erkenning) en vlak agt die minimum (10% erkenning). Die persentasie swart eienaarskap en swart vroue-eienaarskap speel 'n belangrike rol.

'n Boer moet homself afvra wie sy produk koop en of die koper in 'n stadium 'n sertifikaat en 'n sekere vlak van voldoening kan vereis. As 'n ander boer met dieselfde produk op 'n beter SEB-vlak is, beteken dit 'n koper kan daardie boer se produk bo syne verkies. As 'n boer 'n uitvoerprodukt produseer, kan dit gebeur dat SEB-vereistes by uitvoerkwotas geld. Vir die aansoek van enige staatspermit (waterreg, produksie-aanleg, marksertifikaat, ensovoorts) of tender om aan 'n staatsinstansie te voorsien, gaan die Departement van Landbou besig om *Enforcement Guidelines* (riglyne vir afdwinging) onder die departemente wat met landbouers werk te versprei wat meer druk plaas op enige landbou-eenheid wat 'n staatspermit benodig.

Die SEB-handves gebruik vyf elemente om transformasie te meet. Dit word jaarliks aan die parlement voorgelê, maar die meerderheid van kommersiële boere is tegnies vrygestel omdat hul omset minder is as R10 miljoen oor drie jaar gemiddeld, maar omdat hulle nie hul status verklaar nie (al wat nodig is, is 'n beëdigde verklaring van hul boekhouer dat hul omset minder as R10 miljoen is), word hulle as nie-nakomend bestempel. Dit is dus motivering vir die parlement om meer en strenger wetgewing toe te pas om die sektor verder te forseer om te transformeer.

Enigiemand wat met die staat wil sake doen, moet eers 'n SEB-sertifikaat toon voordat die staat hom kan betaal. Staatsorganisasies kan spesifieke SEB-vlakke vir tenders of kontrakte vereis. In die toekoms is dit baie moontlik dat SEB-sertifikate vir die toekennings van lisensies, soos waterregte, vereis kan word. Om vir die Departement van Handel en Nywerheid se aansporingskemas in aanmerking te kom, word 'n minimum van 'n vlak vier-sertifikaat vereis. Daarsonder verloor boere en landbou-ondernemings dus dié moontlike vorm van finansiering en ondersteuning.

Boere kan dus onder kommersiële druk kom om 'n sertifikaat te hê. Genoteerde maatskappye word reeds gedwing om so 'n sertifikaat te hê en sekere kettingwinkels het reeds hul verskaffers begin vra om 'n plan voor te lê oor hoe hulle van vlak vier tot vlak drie gaan verbeter. Daar is ook reeds ondernemings wat primêre produkte by boere koop wat verskillende pryse betaal na gelang van 'n boer se vlak van SEB-voldoening.

Daar is wel geleenthede waar landbou-ondernemings by die proses betrokke kan raak en aan die kern-komponente kan voldoen, soos byvoorbeeld as VKB vir sy vaardigheidsontwikkelings-komponent in die plaaslike gemeenskap in die opheffing van vaardigede belê, of deur ondernemingsontwikkeling nuwe plaaslike besighede help ontwikkel. Dit help die gemeenskap as 'n geheel en dit kan soms 'n heelwat beter belegging wees as 'n bemarkingsgeleentheid omdat die sosiale opheffing-“bemerking” van 'n ander aard is – die tipe wat handelsmerklojaliteit bou en behou.

Addisionele bronne:

<https://www.netwerk24.com/landbou/>

<https://sagrainmag.co.za/>



# Die Wonder van Wurmkompos

## Wat is wurmkompos?

Ons weet almal dit is goed om erdwurms in ons grond te hê wat dreinerings en grondstruktuur verbeter, maar die grootste voordeel is moontlik dat hulle die grond ryker agterlaat as wat dit tevore was. Wurms voed op plantafval (dooie wortels, blare, grasse, mis en grond) en hul spysverteringstelsels konsentreer die organiese en mineraalinhoud van die kos wat hulle vreet. Dit wat hulle uitskei, met ander woorde die wurmhopies of kompos, is 'n ryk "kompos" wat gereedlik vir plante beskikbaar is om op te gedy.

## Wurmkompos teenoor kompos

Die kompostering van plantmateriaal en kombuisafval is afhanklik van 'n aërobie proses wat die materiaal by 'n hoë temperatuur afbreek. Daarteenoor is wurmkompostering 'n laetemperatuurproses waar die wurms die werk doen en wat ook die bykomende voordeel het van "wurmtee" wat tydens die dreineringsproses gemaak en ook baie voordelig vir die tuin gebruik kan word.

## Die voordele van wurmkompos

- Wurmkompos bevat vyf keer meer stikstof as die meeste soorte kompos en verskaf energie aan plante om te groei en vrugte of blomme te maak. Stikstof word as die belangrikste komponent vir plantegroei beskou.
- Dit is 'n stadig vrystellende misstof wat nie jou plante sal brand nie.
- Dit bevat sewe keer meer fosfor wat help vir sterk wortelgroei. Sterk wortels is die plant se lewenslyn wat lug, water en voedingstowwe uit die grond opneem.
- Dit bevat 11 keer meer kalium wat ensieme aktiveer en die groei en gesondheid van blomme en vrugte verseker.
- Die gebruik van wurmkompos verbeter ook algehele grondgesondheid, wat skoner grond tot gevolg het.
- Wurmkompos is skoon en reukloos, en kan binnens en buitenshuis gebruik word om jou plante 'n hupstoot te gee.
- Wurmhopies verskaf ook magnesium, fosfaat, kalsium en kalium saam met 'n verskeidenheid mikrovoedingstowwe en spoorelemente.

## Die gebruik van wurmkompos

Vir wurmkompos moet 'n mens gewoonlik 'n wurmplaas hê, die proses met spesiale wurms begin en die tyd hê om seker te maak die wurms kry kos en water. Om dinge makliker te maak het Wonder al die werk vir jou gedoen en jy kan nou Wonder Organic Vermicompost in sakke koop. Voeg vir binnenshuise gebruik wurmkompos by potgrond by voor plant, of meng dit by die grond van gevestigde huisplante in. Meng dit in die tuin by die oppervlakgrond rondom plante in en voeg dit by plantgate as oorgeplant of nuwe plante ingesit word.

Saad wat in saailingmengsels of in voorbereide beddings gesaai word, sal groot voordeel trek uit die byvoeging van wurmkompos by die mengsel wat saailinggroei sal verbeter.

Nog 'n voordeel van wurmkompos is dat dit gebruik kan word om wurmtee te maak deur 'n paar eetlepel oornag in water te week. Giet deur en verdun vir gebruik as algemene vloeibare misstof vir plante.

Besoek [www.wonder.co.za](http://www.wonder.co.za) vir meer hieroor en oor ander Wonder-produkte.





Wonder™

Organic

VITA-BOOST

VERMICOMPOST



'n VEELDOELIGE ORGANIESE KUNSMIS  
VIR DIE HELE TUIN

Wonder™ Vita-Boost Vermicompost Reg. Nr. B5695, NF1705 bevat N 42,8g/kg, Ca 88,6g/kg, S 76,5g/kg, Fe 9784 mg/kg, Mn 1190mg/kg, Zn 5059 mg/kg, B 394 mg/kg. Produk is geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947.

Kliënte Diens Tel 086 133 3586 [info@wonder.co.za](mailto:info@wonder.co.za) | [www.wonder.co.za](http://www.wonder.co.za)





# Suid-Afrikaanse merinowol raak al hoe meer gesog op wêreldmarkte

**S**uid-Afrika is een van die vernaamste wolprodusente in die wêreld, met meer as 90% persent van die land se woloes wat in rou vorm uitgevoer word. Baie van hierdie woloes kom van merinos of van merinos wat met ander rasse gekruisteel is om ook kwaliteite vir vleisproduksie in te sluit. Hoewel primêre produksie plaaslik gedy, het die verwerkingsindustrie hier te lande omtrent heeltmaal tot niet gegaan.

Suid-Afrika se woloes van merino is uiters gesog vir manspakke en vrouedrag. Wol word op die plaas geskeer, geklassifiseer en gebaal en dan na makelaars in Port Elizabeth gestuur. Hier word dit opgeveil en uiteindelik na verskillende lande vir verwerking verskeep.

Die vernaamste wolkopers in Suid-Afrika is Standard Wool, Lempriere, Modiano, Tianyu, Stucken, Segard Masurel Wool Buyers en New England Wool.

Volgens Christine Taylor van Segard Masurel, 'n welbekende wolverhandelings- en verwerkingsmaatskappy in Suid-Afrika en ook wêreldwyd, val kopers in twee breë kategorieë: Diegene wat vir hul eie bedrywighede oorsee aankoop en diegene wat agente is wat op kommissie werk.

Om die volle werkinge van die wolwaardeketting te verstaan, is 'n goeie vertrekpunt om die terminologie te verstaan.

## Terminologie vertel die storie

Rou wol word verwerk om 'n skoon, gekamde woltop te kry wat gereed is om gespin en verwerk te word tot kleding, matte en ander produkte.

## Skeer

Skape is voorheen een keer per jaar geskeer – per hand of met elektriese skeerders – maar skeerintervalle het in onlangse jare verander.

Christine verduidelik: “Hoewel party produsente steeds by 'n 12-maande-skeerprogram hou, beweeg baie ander na 'n agt-maande- of selfs sewe-maande-interval in party gevalle.

“Hierdie verskynsel het 'n paar oorsake. Een daarvan is dat die prys van ses- tot agt-maande-lengte wol hoog genoeg is om die ekstra betrokke skeer- en hanteringskoste te waarborg. Nog 'n rede is dat 'n ekstra gewig van wol bereik kan word deur drie keer elke twee jaar te sny in plaas van twee keer in twee jaar. Nog 'n faktor is dat in sekere gebiede in die land, dit beter is vir die diere se gesondheid, veral vir dragtige ooie, om nie te veel wolmassa in stresvolle tye te dra nie.

“Die skeerseisoen loop gewoonlik van die einde van Julie tot middel Mei en val in lyn met die verkoopseisoen wat van middel Augustus tot vroeg Junie loop. Kortere wol (ses-maande-skeer en minder) word normaalweg gebruik om wol vir masjiengebreyde kledingstukke te maak, terwyl die langer stapellengtes (agt tot 12 maande) vermeng word om geweefde tekstiele soos pakstof vir manspakke te maak.”

## Gradering

Wol word in groepe van dieselfde tipe en gehalte gesorteer, gereed vir verkoop per veiling. Vesel word volgens lengte en deursnee gesorteer – gemeet in mikrons (1 mikron = 0,001 mm). Die fynheid van die wol, bepaal deur mikrongrootte, is 'n vername oorweging vir verwerkers. Hoe laer die mikronsyfer, hoe beter die gehalte.

Christine sê die huidige Suid-Afrikaanse merino-woloes is gemiddeld 19,8 mikron en wissel van so fyn as 14 mikron tot 23 mikron vir merinowol en tot 30 mikrons vir kruisteel.

## Wolwassery

Rou wol, ook vetwol genoem, bevat olie en vuiligheid wat uitgewas moet word sonder om die wol te veel te skud, aangesien dit vervetting kan veroorsaak. Hierdie proses word wolwassery genoem.



Bale vetwol in die behoudingsarea voordat dit gewas word.

Wol word sorgvuldig by temperature tussen 55 en 65°C met 'n ekovriendelike bio-afbreekbare middel gewas, gespoel en dan teen temperature wat wissel tussen 100 en 120°C drooggemaak. Afvalwater word gehersirkuleer en geprosesseer om die wololie, wat lanolien bevat – 'n waardevolle basisprodukt wat in baie skoonheidsmiddels gebruik word – te verwyder. Karbonisering word dikwels gebruik om hardnekkige stowwe uit die wol te kry deur dit in verdunde swaelsuur te doop.



Een van die finale stappe in die afronding waar 'n bondelafrondingsmasjien die finale lengte en dikte van die vesel bepaal.



Die wol word met 'n wolwasmasjien gewas om alle olie en vuiligheid van die wol te verwyder.

## Kaarding

“Die gewaste wol word deur masjiene met wisselende groottes roterende silinders met sorgvuldig geplaasde pennetjies gestuur om die groter stukkes plantmateriaal te verwyder en om die vesels parallel te sorteer,” verduidelik Christine. “Wol kom van die kaardmasjiene af in die vorm van 'n dik wolreep. Hierdie wolreep word dan uitmekaar getrek en met ander gekardeerde reepe gemeng en opgerol in 18 kg spoel met 'n wolgewig van ongeveer 30 g per meter, gereed om gekam te word.”



Wol kom in die vorm van 'n dik wolreep van die kaardeemasjien af.

## Kammery

“Elke kammasjien word met 12 van hierdie spoel gelaai, en die 12 individuele reepe word deur die kammeganisme gevoer en gemeng wat alle kort vesels (uitkamsels of wolafval) en alle oorblywende stukkes plantmateriaal verwyder. Elke kam produseer 'n skoon, gemengde, perfek gelyngrige aaneenlopende reep parallelle wolvesels wat in groot dromme opgerol is, gereed vir die finale voorbereiding.”



Wolrepe word deur die kammeganisme gestuur om alle kort stukkes vesel te verwyder en dan in dromme opgerol.

## Afronding en afdunning

Christine verduidelik die proses van afronding en afdunning as volg: “Die dik reepe van elkeen van tot vyf van hierdie groter dromme word gelyktydig deur 'n bondelafrondingsmasjien (*bump finisher machine*) gestuur wat op verskillende verstellings gestel kan word om die presiese reepgewig te produseer.



“Dit trek die reepe teen 'n sekere spoed terwyl die spoed waarteen die reep getrek word, al vinniger gestel kan word. Hoe vinniger die reep in die masjien getrek word, hoe dunner is die finale reep. Saam met verdere verstellings sal die lengte van die reep wat op een slag vrygestel word om 'n bondel te vorm bepaal word. Hierdie bondels word dan opmekaar gestapel en na die hoëdigheidpers toe geneem om in bale verpak te word.”

## Spinnery

Volgens Christine “behels spinnery die uittrek van die boonste reep in al hoe dunner en dunner mates terwyl dit die noodsaaklike draai verleen wat aan die breidraai sy sterkte gee. Hoe fyner en langer die wolreep se stapellengte is, hoe fyner en sagter is die breidraad wat daarvan gemaak word.

Breidraad word op twee maniere gemaak: Kaardbreiwool word gemaak deur sagte vesels wat in verskillende rigtings lê te draai, en kamgaring word gemaak van lang vesels wat parallel lê.

## Kleurproses

“Die kleurproses kan in meeste fases van die prosessering gedoen word nadat die wol gewas en plantmateriaal verwyder is, maar nie voor hierdie stappe nie,” sê Christine. Baie verwerkingsbesighede is baie geheimsinnig oor die presiese besonderhede van kleuring, maar die meeste van hulle gebruik dieselfde moderne tegnieke wat hitte en druk behels. Beide word sorgvuldig beheer om die vesels behoorlik met die kleur binne te dring sonder om dit te beskadig. Gereaktiveerde kleurstowwe word gebruik, wat 'n chemiese interaksie met die vesel behels.

## Wêreldwye woltendense

In 'n artikel in die *New Zealand Herald*, het Paola Ercole Botto, die hoof van 'n 150 jaar oue Italiaanse tekstielmeule Successori Reda gesê dat “wol tans een van sy beste oomblikke beleef, aangevuur deur die milleniël-vraag na volhoubare produkte”.

Successori Reda se tradisionele mark vir die produksie van puik pakstof vir maatskappye soos Hugo Boss, Canali, Armani en Ralph Lauren, maak omtrent 85% uit van sy besigheid en sal na verwagting oor die volgende paar jaar nog meer groei.

Die gebruik van wol het egter uitgebrei van net hoogmode-items na sportdrag en skoene, wat die vraag na veral merinowol laat styg het. Volgens die Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika word merinowol nou deurgaans gebruik in beide ontspannings- en sportdrag deur maatskappye soos Adidas, Nike en New Balance. Merinowol word ook gereeld gebruik deur maatskappye wat in die vervaardiging van buitemuurse produkte spesialiseer.

Hoewel groot dele van ons land waar daar met skape geboer word deur die droogte geteister word, is die gehalte van die skaapwol wat hier geproduseer word, steeds baie gesog op wêreldmakte en behaal boere steeds baie goeie pryse vir wol.

# Goeie bemestingsbeginsels vir koring verseker sukses

deur Jason Sparrow, SIDI-landboukundige, BSc Agric Hons, PriSciNat (Regnr 400202/11)

**D**ie bemesting van koring speel 'n groot rol in die suksesvolle en volhoubare produksie daarvan. Sekere beginsels is belangrik om te oorweeg tydens die beplanning van 'n volledige koringvoedingsprogram.

Voedingstowwe moet in die regte vorm, asook in die grondoplossing, wees vir opname deur plante. Voeding in die pens is beter as in die spens.

SIDI wend geweldig baie hulpbronne aan om wetenskaplike tegnologie in plantvoeding te bevorder en te ontwikkel. Die nuwe Opti-reeks vloeibare produkte asook die Ultra-reeks korrelprodukte bied die boer 'n wye keuse. Kunsmis is 'n kommoditeit, maar wetenskaplike plantvoeding is kwaliteit. 'n Koringvoedingsprogram kan opgedeel word in vier hoof-fisiologiese groeifases:


## Begin reg (plant)

Dit is van kardinale belang om enige gewas reg te begin met die regte kunsmis. Fosfaat is gewoonlik die hoofvoedingskomponent in kunsmis. Fosfaat word deur diffusie opgeneem. Die plasing daarvan is dus belangrik om die regte konsentrasie van fosfaat te verseker. Fosfaat voorsien die plant van energie en verhoog die stoelvermoë van koring.

Ultra Starter is een van die beter opsies om as plantkunsmis te kies. Die stikstof-, fosfaat- en kaliumverhouding daarvan is uniek geformuleer om groei en ontwikkeling te stimuleer. Patent Kali vorm deel van die kaliumbron in die produk en dit gee die mengsel 'n laer soutindeks vir minder brandskade. Die Patent Kali bevat kalium, magnesium asook swael, alles in hoogs plantbeskikbare vorms. Magnesium is belangrik in 'n kunsmismengsel, want dit stimuleer fotosintese en die beweging van suikers in die plant.

Wat die Ultra Starter uniek maak, is die hoogs gekonsentreerde mikro-elementbedekking op elke korrel. Die sinkvlakke in die mengsel is baie hoog, maar die

bedekking bied ook plantbeskikbare yster, mangaan, koper en boor aan vir die gewas. Vroeër toedienings van mikro-elemente gee die beste resultate. Figuur 1 wys die effek wat die Ultra Starter op koringopbrengs het, en dat dit wys is om te begin met die beste.




Figuur 1

## Opkoms en stoel

Die opvolg-kunsmis of kantbemesting is hoofsaaklik stikstofgegrond. Stikstof stimuleer onder meer vegetatiewe groei, maar dit word ook die meeste onttrek deur baie gewasse. Kalsium saam met stikstof is baie belangrik, want kalsium stimuleer wortelontwikkeling, help die plant om spanning beter te hanteer en vorm deel van die selmembrane van die plant. Kalsium word ook strategies gebruik as deel van 'n soutbestuursplan. Die voordele van kalsium is groot, maar dit is nie altyd in plantopneembare vorms in die grond nie. Kalsium word net opgemeen in die kationvorm ( $\text{Ca}^{2+}$ ). Die toediening van Opti Green sal beskikbare kalsium, boor en stikstof voorsien tydens die opkoms- en stoelfase van koring. Figuur 2 wys die voordeel van kalsium op koring.



## Invloed van kalsium op koring met kalsiumtekorte volgens blaarontledings:




Figuur 2

Wortelgroei kan ook aangehelp word deur Afrikelp wat die regte verhouding oksien (groei stof) en sitokiniene (plant hormone wat seldeling en groei bevorder) het wat wortelgroei en -aktiwiteit bevorder. Die gebruik van silikon deur die produk Cibusil sal ook help om 'n sterker plant te vorm.

## Pyp- en vlagblaar stadium


Hierdie fase kan gesien word as een van die belangrikste groeistadiums in 'n koring se siklus en daarom moet voedingvoorsiening optimaal wees. Talle proewe bewys daar is positiewe resultate waar fosfaat en kalium as 'n mengsel in kombinasie met stikstof toegedien word. Daar is 'n interaksie tussen die drie makro-elemente, en die toediening daarvan deurlopend in die groeiseisoen sal die beste effek op opbrengs hê. Die onttrekkingkurwes in figuur 3 wys dat kalium en fosfaat sterk benodig word in die tydperk. Gebruik Opti Pot, Opti Top of Opti Balance tydens die fase om in die behoefte te voorsien.



Figuur 3

## Blom en graanvul

Moenie teen die einde laat slaplê nie. Die blom- en graanvultydperk is deurslaggewend vir opbrengs en die gehalte van jou graan. Klimaat speel ook 'n groot rol tydens die fase en bepaal 'n groot deel van die potensiaal, maar die bestuur van voeding is net so belangrik. Stikstof is teen die einde gebruik om proteïene te vorm, maar kalium en fosfaat is net so belangrik. Stikstof is net die boublok van aminosure, maar kalium is nodig om die ensieme wat die aminosure laat komplekseer te aktiveer om roteïene te vorm. Die fosfaat is die energiebron wat die proses laat werk. Figuur 4 wys die invloed van 'n mengsel teenoor stikstof alleen.




Figuur 4

## Opsomming

Dit is belangrik om te onthou dat voeding net 'n deel van die gewasverbouingspraktyk is. Daar is baie ander faktore wat in ag geneem moet word, soos bewerking, saadbed, plantdiepte, kultivar, plantdatum, plantestand asook water- en soutbestuur. As die potensiaal geskep is, kan 'n volledige voedingsprogram die koring ondersteun om die volle potensiaal te bereik.







# 100 JAAR

2019 van LIEFDE vir die LAND

Ons kyk terug op 100 jaar van nostalgie, foto's, feite en stories oor VKB se geskiedenis vasgevang in 'n boek. Kom beleef saam met ons die pad wat VKB saam met boere deur 'n eeu gestap het en deel in die vreugde van en dankbaarheid oor waar ons nou staan.

**NOU GRATIS BESKIKBAAR  
BY JOU NAASTE  
HANDELSTAK**

VKB Hoofkantoor • President CR Swartstraat 31, Reitz, 9810  
Tel. 087 358 8111 • www.vkb.co.za



QUALITY HOSE MANUFACTURER

## "Suction Hose"

VERVAARDIG  
VAN SUIWER  
ROUMATERIAAL

KODE	BESKRYWING	GROOTTE
SHM25030	"SUCTION HOSE" GEEL 25MM	25mm x 30m
SHM32030	"SUCTION HOSE" GEEL 32MM	32mm x 30m
SHM40030	"SUCTION HOSE" GEEL 40MM	40mm x 30m
SHM50030	"SUCTION HOSE" GEEL 50MM	50mm x 30m
SHM63030	"SUCTION HOSE" GEEL 63MM	63mm x 30m
SHM75030	"SUCTION HOSE" GEEL 75MM	75mm x 30m
SHM10030	"SUCTION HOSE" GEEL 100MM	100mm x 30m

**DEURSIGTIG VIR BETER SIGBAARHEID  
EN MEER BUIGSAAM!**

**NUUT**



# Gehalte Sleep Waterslange

10-jaar  
Waarborg:



5-jaar  
Waarborg:

*Kwaliteit  
teen die regte prys!*



**Plaaslik Vervaardig Vir  
Besproeiings-gemoedsrus**

5745 WATEX 1/2PG DIE PAD SAAM AUG-19

## Reinforced Hosing (Pty) Ltd

Vervaardig en verskaf ook slange vir:

• Mynbou • Nywerheid • Boubedryf • Tuine

Asook Vooraf-verpakte Bybehore vir tuinslange

Besoek [www.watex.co.za](http://www.watex.co.za) vir besonderhede



WATEX Sleep waterslange	5-jaar waarborg	
Nominale Deursnee (mm)	12	20
Barsdruk Kpa	4000	3500

WATEX Gehalte Sleep waterslange	10-jaar waarborg	PLUS SABS Goedgekeur	
Nominale Deursnee (mm)	12	20	25
Barsdruk Kpa	5000	4500	4000





The brands of the BPW Group:



# we think transport



## BPW. PARTNER FOR AGRICULTURE.

Ask your nearest VKB Branch for further details





# we think transport

## Axle types

### Rigid – Full Axle

#### Features and benefits

- Braked or unbraked
- KTLZN - coated for optimum corrosion protection
- Provided with camber to reduce tyre wear
- Hollow axle beams are provided with an additional toe-in to improve their driving behaviour
- Depending on the vehicle type and application, speeds of up to 80 km/h are possible
- Carrying capacity from 2,000 kg to 16,000 kg (25 km/h)
- Braked axle equipped with either GSK or AGS (for speeds higher than 60km/h)
- Brakes of N 300x60 up to SN 420x200, depending on application



## Pendle Aggregate

#### Features and benefits

- Carrying capacity from 14,000 kg to 30,000 kg
- High level of equalisation on both sides (independent from the other side)
- Constant ride height in any loading condition
- Well suited for on- and off-road applications
- Can be used for speeds up to 65km/h



Ask your nearest VKB Branch for further details

we think transport








# we think transport

## Double Ball Race Agricultural Turntable



### Features

- The quality of BPW double ball race turntables is superior to conventional single race turntables.
- BPW Turntables feature two fully active ball races which have been renowned for numerous years as quality products for draw bar trailers, semi trailers, heavy load transporters and special transportation vehicles.
- Their design principals ensure maximum reliability because the axial and radial forces are distributed between the two ball races.

### Benefits

- BPW Turntables guarantee a minimum of idle time due to their long service life.
- The ball race is especially hardened for extended life
- The interior is well protected against dust and dirt by a multi-lip seal.
- These advantages result in a continuously smooth operation and long life expectancy.

## RINGFEDER Trailer Couplings



Type 2020

### Features

- Compact automatic coupling
- For trailers up to 3.5t



Type 4040

### Features

- Coupling mouth can rotate horizontally to allow ease for coupling trailer when coupling is underneath the trailer
- Rotating coupling bolt reduces wear on tow-eye



Type 6451

### Features

- Quick to operate
- Reliable

Ask your nearest VKB Branch for further details

we think transport





# we think transport

## Ancillary Products



### Toolbox 400mm



#### Product features

Material: polypropylene  
Production process: Injection Molding

- Europlex lock with cylinder
- Compression locking system with rubber seal
- The continuous contact points between body and lid
- The Reinforced body guarantees maximum load avoiding "U" bracket mounting
- Smooth internal surface
- Reinforced lid



### Water Tanks



Water Tank in black plastic 18lt



Water Tank in black plastic 30lt



Plastic water tank with zinc plated cage 25lt

#### Benefits

Anti-scratch & UV resistant  
Designed to save space on vehicle  
Hi standard quality in high/low temperature

Ask your nearest VKB Branch for further details

we think transport







# Maak ooskuskoors ná 65 jaar dalk weer sy verskyning?

In onlangse berigte in die media is gewaarksu oor nuwe uitbrekings van ooskuskoorts onder beeste in Zimbabwe waar 'n groot aantal diere weens hierdie siekte gevrek het. Ooskuskoors is 65 jaar gelede suksesvol in Suid-Afrika uitgeroei, en net baie streng grensbeheer kan sorg dat dit nie van Zimbabwe na Suid-Afrika se buffels en beeste oorgedra word nie en baie ernstige en toegewyde voorkomende optrede sal meehelp dat die siekte nie onder Suid-Afrikaanse diere posvat nie.



Dr. Peter Oberem, uitvoerende hoof van Afrivet, het gewaarksu dat die bruinoorbosluis, die primêre draer van ooskuskoors, wydverspreid in die warmer, natter noordelike en oostelike dele van die land voorkom, terwyl ander bruinbosluise wat ook die siekte versprei, veral in Limpopo voorkom.

"Al wat nodig is, is vir een besmette bees of buffel, hetsy reeds siek of net 'n draer, om die grens vanaf Zimbabwe oor te steek. Plaaslike bosluise wat op daardie dier teer, sal ook besmet raak en die siekte weer oordra aan die ander diere waarop hulle teer. Elke besmette dier infekteer dan weer ander bosluise wat op hom of haar teer, en so versprei die siekte," het Oberem gesê ([www.marolamedia.co.za](http://www.marolamedia.co.za)).



Volgens 'n artikel geskryf deur die veearts konsultant dr. Faffa Malan en dr. Hein Stoltz van die fakulteit van veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria, word die protosoïese parasiet *Theileria parva* volgens sy siekteveroor sakende kenmerke en lewensomstandighede in drie groepe verdeel:

- Bees-aangepas: *Theileria parva* (voorheen *T. Parva parva*) veroorsaak ooskuskoors en word van bees na bees oorgedra. Hierdie siekte is in 1954 in Suid-Afrika uitgeroei.
- Buffel-aangepas: *Theileria parva* (voorheen *T. Parva lawrencei*) veroorsaak korridorsiekte en word hoofsaaklik van besmette buffels na beeste oorgedra. Hierdie siekte kom steeds in sekere gebiede/sones (soos die Kruger Nasionale Park en omliggende Laeveld en sommige nasionale parke in KwaZulu-Natal) in Suid-Afrika voor.
- Milder bees-aangepas: *Theileria parva* (voorheen *T. Parva bovis*) veroorsaak Januariesiekte. Hierdie siekte kom nie in Suid-Afrika voor nie, maar wel in Zimbabwe en word ook van bees na bees oorgedra.

### Lewensiklus van die bruinoorbosluis

Theileriose (deur *T. Parva* veroorsaak) word oorgedra deur bruinoorbosluis (*Rhipicephalus appendiculatus* en *R. Zambesiensis*) waarvan eersgenoemde spesie die meeste voorkom. Die bosluis is drie-gasheer-bosluis – die volgesuigde wyfie val van die bees of buffel af en lê duisende eiertjies. Uit die eiertjie broei 'n sespotige larwie wat op 'n gasheer (eerste gasheer) klim en bloed suig. Die volgesuigde larf val af, vervel tot 'n nimf en dié klim op die tweede gasheer. Die proses word herhaal en nadat die nimf vervel het, klim die volwasse wyfie en mannetjie op die finale, derde gasheer.

### Besmetting van bosluis met *T. Parva*

Beeste (ooskuskoors en Januariesiekte) en buffels (korridorsiekte) is draers van die parasiete wat in die rooibloedselle voorkom. Onder die mikroskoop word ronde, komma- of peervormige parasiete (merosoïete of piroplasmas) in die rooibloedselle waargeneem. Wanneer die larf of nimf op 'n besmette bees of buffel voed, word van die besmette bloed ingeneem en 'n geslagtelike en nie-geslagtelike siklus vind in die dermkanaal- en speekselklierselle van die bosluis plaas. Die finale ontwikkeling van die parasiete (sporoïete) wat in die speeksel van die nimf of volwasse bosluis teenwoordig is, vind eers plaas nadat die bosluis in sy volgende stadium op 'n gasheer (tweede of derde gasheer) voed. Dis belangrik om te weet dat die besmetting nie deur die eier van een geslag na die volgende geslag bosluis oorgedra word nie.

### Besmetting van die bees of buffel

Wanneer die besmette nimf of volwasse bruinoorbosluis op 'n bees of buffel voed, word duisende sporoïete in die bosluis-speeksel in die dier "ingespuet". Die sporoïete dring witbloedselle binne en vorm groter vorms, die sogenoemde Koch se blouliggaampies (skisonte). Hierdie stadium van die parasiet kan in redelik groot getalle in bloed- en orgaansmere (soos milt en limklier) van beeste tydens die akute fase van die siekte waargeneem word, maar in korridorsiekte is hierdie liggame slegs in klein getalle teenwoordig en kan soms moeilik wees om te vind tydens mikroskopiese ondersoek van die smere. Die skisonte breek oop en stel merosoïete vry wat die rooibloedselle binnedring (piroplasmas). Dit is hierdie stadium (piroplasmas in rooibloedselle) wat op hul beurt weer bosluis besmet wanneer hulle op besmette diere voed.

### Epidemiologie (voorkoms) van *T. parva*

*T. parva* is waarskynlik oorspronklik 'n parasiet van die Afrikabuffel wat later by beeste aangepas het om ook onder beeste te versprei in die afwesigheid van buffels (ooskuskoors). Daar is geen grondige bewys gevind dat enige ander wild 'n rol in die verspreiding van die siekte speel nie.

*T. parva* se verspreiding is afhanklik van die voorkoms van die bruinoorbosluis se teenwoordigheid in die warmer, vogtiger dele van oos-, sentraal- en suidelike Afrika waar buffels en/of beeste en bruinoorbosluis saam voorkom.

### Kliniese tekens van ooskuskoors

Die inkubasiëperiode (tydperk vandat besmette bosluis die bees byt tot dat eerste siektetekens gesien word) is ongeveer twee weke, maar kan wissel van agt tot 25 dae. Die eerste tekens is 'n hoë koors gepaardgaande met versnelde hart- en asemhalingspoed. In melkkoeie is daar 'n skerp daling in melkproduksie. Die parotisliefklier wat die oor dreineer waar die bosluis gebyt het, is vergroot. Ná 'n paar dae is die dier lusteloos en swak. Die koors







kan tot 42 °C styg. Die dier wil nie vreet nie en die ore hang. Oog- en neusuitloepsel kan voorkom. Oppervlakkige limfkliere, veral voor die blad en in die lies, is baie geswel. Die siekteverloop kan wissel van 'n paar dae tot twee of drie weke. Diere verswak, verloor gewig en ontwikkel dikwels 'n diarree wat gekenmerk word deur teeragtige en slymerige mis. Die horingvlies van die oë raak soms vaal en ondeursigtig en klein bloedings kan op die slymvliese van die oë, die mond en geslagsdele voorkom. In die gevorderde stadium van die siekte haal die dier al moeiliker asem en hoes nou en dan as gevolg van vogaansameling in die longe. Dragtige koeie kan aborteer. Die dier gaan uiteindelik lê van totale uitputting, met wit skuim wat by die bek en neus uitloop en vrek kort daarna. Feitlik alle diere wat aangetas word, vrek.

### Nadoodse letsels

Die belangrikste nadoodse letsels wat gesien kan word, is: die longe en luggype bevat heelwat vloeistof en wit skuim; die limfkliere is geswel/vergroot en dikwels bloederig as hulle deurgesny word; die milt en lewer is soms ook vergroot en die lewer kan bros, geelbruin van kleur en met grys stippels daar uitsien; die niere het soms grys wit vlekkes wat effens bokant die oppervlakte uitstaan; en die slymvlies van die melkpens is geswel, effens rooi met klein seertjies.

### Diagnose

'n Voorlopige diagnose word gewoonlik gemaak op grond van die kenmerkende siektetekens by beeste in die gebiede waar dit bekend is dat besmette beeste of buffels voorkom binne die verspreidingsgebied van die bruinoorbosluis. Die diagnose kan bevestig word deur die vind van Koch se liggaampies in milt- of limfkliersmere onder 'n mikroskoop of deur middel van 'n laboratoriumtoets wat die teenwoordigheid van die parasiet-spesifieke DNA kan aandui.

### Behandeling

Ooskuskoors is 'n staatsbeheerde siekte en as daar 'n vermoede bestaan dat 'n geval van ooskuskoors of korridorsiekte voorkom, moet die plaaslike staatsveearts onmiddellik verwittig word.

Om te verhoed dat behandelde, herstelde diere moontlik draers van die parasiet word en dan as 'n toekomstige bron van besmetting vir ander diere dien, is die middels wat vir behandeling beskikbaar is nie vir gebruik in Suid-Afrika geregistreer nie en mag geen dier normaalweg in Suid-Afrika behandel word nie, tensy dit met spesifieke (uitsonderlike) toestemming van die nasionale direkteur van dieregesondheid geskied.

### Voorkoming

Goeie bosluisbeheer moet toegepas word om bruinoorbosluisvlakke so laag as moontlik te hou, veral in gebiede waar 'n risiko van oordraging van besmette buffels na beeste bestaan. In sulke gebiede is die instandhouding van heinings wat die buffels en beeste doeltreffend van mekaar skei van uiterste belang. Kolbehandeling van diere se ore kan bydra tot meer doeltreffende beheer van bruinoorbosluise.

Suid-Afrika is sedert 1954 vry van ooskuskoors in beeste. Waar ooskuskoors vir die eerste keer in 'n gebied uitbreek, moet alles gedoen word om die siekte uit te roei! Identifikasie van elke dier en bewegingsbeheer vanuit en in die area moet streng toegepas word. Dipprogramme met kort tussenposes moet gevolg word. Die ondersoek van bloed-, milt- en limfkliersmere van elke dier wat vrek in die aangetaste gebied moet gedoen word om die omvang van die besmette gebied te bepaal. In die verlede is besmette gebiede vir tot twee jaar onder kwarantyn geplaas nadat die laaste geval van ooskuskoors in 'n gebied gediagnoseer is. As daar nie geslaag word om die siekte te stuit nie, sal die resultaat wees dat die siekte endemies (permanent gevestig) raak en dit kan erge produksieverliese en hoë koste van beheer tot gevolg hê. Tans is geen doeltreffende entstof of behandeling vir gebruik in Suid-Afrika beskikbaar nie.

Bewegingsbeheer en ondersoek van beeste wat oor ons landsgrense beweeg, is van kardinale belang om die uitbreek van siektes soos ooskuskoors en bek-en-klousee te verhoed!

Opmerking: Onlangs is in die pers berig dat ooskuskoors groot vrektes in Zimbabwe veroorsaak het. Sover vasgestel kon word, is die oorsaak Januariesiekte, 'n milder vorm van die siekte met laer vrektesyfer as ooskuskoors of korridorsiekte. Grensbeheer moet toegepas word om te verhoed dat hierdie siekte ons plaaslike beespopulasie besmet. Die lewendehawe-identifikasie en naspeurbaarheidsstelsel (LITS) moet nou almal se hoogste prioriteit wees!

Bronne:

Coetzer, J.A.W. and Tustin, R.C. 2004. Infectious diseases of Livestock. Oxford University Press. ISBN 0 19 578202 X

Mönig, H.O. en Veldman, F.J. 1975. Handboek oor Veetiesktes. Tafelberg Uitgewers. SBN 0 624 00359 0

# Sommer, son en saffier

kan ook seer beteken



Hierdie tyd van die jaar sien almal al uit na die Desember-vakansie om net weg te kom van alles en hierdie jaar agter ons te sit. Vir baie mense is hierdie vakansie sinoniem met die see en die son, en elke jaar hierdie tyd word ons in die media daaraan herinner dat ons versigtig moet wees vir die son. Daarom het Hannelie Cronjé weer artikels gaan naslaan om ons lesers te waarsku oor die gevare van te veel son en ook raad te gee vir voorkoming en ook genesing van sonbrand.

**D**it gebeur baie maklik dat jy jou lullekker uitstrek op die strand met daardie storieboek waarvoor jy heeljaar nog nie tyd gehad het nie. Die kinders hou hulself besig, die pikniekmandjie en koelsak staan gereed om honger mae en dors kele te lawe en jy kan ongestoord jou boek lê en lees en sommer terselfdertyd aan jou sonbruin vel werk. Die lewe is 'n lied. En as jy jou weer kom kry, het jy aan die slaap geraak en het die sonbrandroom wat jy netnou aangesmeer het, al amper kookpunt bereik, want jy moes 'n uur gelede al 'n nuwe laag opgesmeer het. Jou visioene van 'n songebrande lyf lê nou in 'n tamatierooi hopie tussen jou kop en jou tone. Hier is 'n paar bekostigbare en selfs huishoudelike boererate wat jou sal help om die seer, ongemak en irritasie wat met sonbrand gepaard gaan, te verlig, soos aangehaal uit <http://minikuier.co.za/natuurlike-behandeling-vir-sonbrand/>:

- Spons jou lyf af met vars gemaakte, afgekoelde tee sonder melk, veral groentee of rooibostee. Die bestanddele wat tee bevat, sal help om die hitte uit jou songebrande vel te trek en dit sal ook help om die pH-balans te herstel.
- Komkommer bevat natuurlike anti-oksidente. Verkoel



'n komkommer in die yskas, maal dit fyn en wend dit op die aangetaste dele van jou liggaam aan. Smeer sommer jou gesig ook daarmee.

- Hawermout sal spesifiek vir jou jeukerige vel verligting bring. Gooi ongekookte hawermout in jou badwater en week daarin.
- Om ontslae te raak van die tamatierooi skynsel kan jy appelasyn en suurlemoensap meng en die gebrande dele daarmee afspoon.
- Melk bied ook verligting vir 'n seer gebrande vel. Die proteïenlaag wat melk op jou vel vorm as jy dit aansmeer, sal die ongemaklike en seer gevoel verlig. Gooi 'n bietjie koel melk, nie yskoue melk nie, in 'n bakkie en spons die gebrande area af.

Die beste raad is natuurlik dat voorkoming beter is as genesing. Daarom moet jy liever seker maak dat jy sonbrandroom aansmeer, en dra klere wat vir jou die nodige beskerming sal bied.

## Wat is die verskil tussen sonbrand, hitte-uitputting en sonsteek

### Sonbrand

Sonbrand kom voor wanneer jy te lank in die son was en sodoende eerstegraadse brandwonde opgedoen het. Sonbrand word veroorsaak deur twee van die ultravioletligfrekwensies van dié wat die son natuurlik uitstraal, naamlik UVA en UVB. Die gevolge van sonbrand is nie net beperk tot 'n rooi gebrande vel wat later begin afdop nie, maar lei ook tot skade onder die boonste laag van die vel waar ultravioletlig jou vel se DNA kan verander en voortydige veroudering van die vel tot gevolg kan hê. Dit kan egter ook sover gaan as om skade aan die vel se DNA te veroorsaak wat weer tot velkanker en dodelike melanoma kan lei. Die tempo waarteen jy sonbrand kan opdoen hang af van jou vel tipe, die intensiteit van die son, watter tyd van die dag jy in die son deurbring en ook hoe lank jy aan die son blootgestel was.

Wees ook maar versigtig vir daardie bewolkte dae, want al is dit dan effens koeler, beteken dit nie dat daar geen direkte sonstrale is nie.

#### • Simptome

- Die persoon se vel is rooi gebrand.
- Sy of haar vel is pynlik.
- Die vel voel besonder warm (dit voel of dit gloei).
- Indien 'n persoon erge sonbrand opgedoen het, kan dit selfs swelling van die gebrande liggaamsdele soos die lippe en blase op die gebrande dele van die liggaam tot gevolg hê.
- So 'n persoon kan ook griepsimptome soos koors, kouekoors, naarheid, hoofpyn en 'n algemene gevoel van swakheid ontwikkel.
- Ná 'n paar dae sal die persoon se vel begin afdop en mag dit jeukerig wees. Dit is die liggaam se manier om van die beskadigde vel ontslae te raak.

#### • Behandeling

- Maak 'n handdoek nat met koue water of draai ys toe in 'n handdoek en plaas versigtig op die gebrande deel van die vel. Jy kan ook 'n sakkie gevriesde groente gebruik. Moet nooit ys direk op die vel hou vir meer as vyf minute nie, anders kan jy ook brandwonde vanweë bevriesing kry.
- Die ideaal sal wees om vir 'n tydjie in 'n bad koue water te lê.
- Sonbrandolie of- room mag help om tydelike verligting te gee (dit laat die vel vir 'n kort rukkie koel voel, veral

as jy dit vir 'n rukkie in die yskas gehou het) en die vel effens te bevochtig. Moet asseblief nie botter of enige salf aan die gebrande dele smeer nie.

- Neem gereeld water of ander vloeistowwe in om te verseker dat jy nie dehidreer nie.
- Bly ook liefies vir die volgende dag of twee uit die direkte son en dra klere wat die gebrande dele van die liggaam bedek om dit sodoende teen die son te beskerm.

#### • Voorkoming

- As jy 'n ligte vel, ligte hare en oë het of maklik brand wanneer jy in die son kom, moet jy vir seker voorsorg tref.
- Bly uit direkte son uit as jy nie die nodige voorsorg getref het of bedekkende klere aan het nie, veral op bewolkte dae of naby water of sneeu.
  - Smeer die dele van die liggaam wat met die son in aanraking gaan kom goed met 'n breëspektrum sonbrandmiddel in, met 'n sonbrandfaktor (SBF) van minstens 30 of meer, wat jou teen beide die UVA- en UVB-strale van die son sal beskerm, 'n halfuur voordat jy onder die son in beweeg. Smeer daarna gereeld elke 90 minute weer van die sonbrandmiddel op die vel, veral as jy in water was.
  - Om reeds vroeg by jonger kinders velkanker te voorkom is dit raadsaam om vir hulle swemklere te koop wat die hele lyf en boarms en bobene sal bedek. Die sogenaamde "second skin"-tipe swemklere word baie sterk aanbeveel.
  - Dit is ook raadsaam om 'n goeie sonbril aan te skaf en te dra wanneer jy in die son rond beweeg of aan skerp weerkaatsende lig blootgestel gaan word.

### Hitte-uitputting

Dit kom gereeld voor by stappers of bergklimmers wat nie die klimaat (hitte en humiditeit) waarin hulle aktief is, gewoon is nie en natuurlik ook vanweë hul aktiwiteite baie sweet en sodoende baie vog en sout verloor. Dit alles lei dan tot oorverhitting van die liggaam. Die liggaam moet 'n kerntemperatuur van ongeveer 37 °C handhaaf. Om dit te kan regkry in 'n omgewing met hoë temperatuur en humiditeit, probeer die liggaam sy kerntemperatuur reguleer deur te sweet en so deur middel van verdamping die liggaam af te koel. As die liggaam nie van die oortollige hitte ontslae kan raak nie, tree hitte-uitputting in. So 'n persoon sal gewoonlik sommer net flou word of inmeekaarsak.

#### • Simptome

- Simptome kan skielik voorkom of oor 'n tydperk ontwikkel en die volgende simptome kan voorkom:
- Die persoon sal uitermatig begin sweet.
  - Die persoon se vel mag koel en klam voel en mag selfs hoedervel ontwikkel al is hulle in die warm son.
  - Die persoon sal duiselig voel of sommer flou word.
  - Die persoon sal swak en moeg voel en 'n vinnige polsslag hê.
  - Die persoon sal voel soos iemand met lae bloeddruk as hy opstaan; hy sal dus voel hy wil omval.
  - Die persoon kan krampe ontwikkel.
  - Die persoon mag hoofpyn ontwikkel en dalk ook aggresief voorkom.
  - Die persoon kan ook naar voel of opgooi.

#### • Behandeling

- Staak alle aktiwiteite en laat die persoon in 'n koel omgewing sit en rus.
- Gee die persoon soveel koel water of rehidreringsmengsel as moontlik om te drink. Sportdrankies sal ook goed werk. Maak jou eie rehidreringsmengsel met 1 liter skoon water, 'n halwe

- teelepel sout en ses teelepels suiker. Roer tot suiker oplos.
- Moet asseblief nie alkoholie se drank, selfs as dit die enigste beskikbare vloeistof, aan die persoon gee nie. Alkohol veroorsaak dehidrasie wat die toestand net sal vererger.
- Koel die persoon se liggaam af totdat hy of sy weer normale liggaamstemperatuur bereik het en kan handhaaf.
- Indien die persoon se liggaamstemperatuur bly styg en dit binne 'n uur nie weer begin daal nie of wanneer die persoon se liggaamstemperatuur 40 °C bereik, moet mediese hulp dringend ingeroep word om te voorkom dat die persoon nie sonsteek opdoen nie.

#### • Voorkomende optrede

- Dra lospassende klere, lig in gewig en kleur, wat jou liggaam sal toelaat om maklik te kan sweet en sodoende jou liggaam te help afkoel.
- Soek 'n koel plek waar jy teen die hitte kan skuil.
- Voorkom warm plekke soos 'n geparkeerde voertuig as die temperatuur baie hoog is. Die temperatuur in 'n geparkeerde motor kan binne tien minute met soveel as 8 °C styg. Moet dus nooit jou kinders in die voertuig laat as jy "gou" iets by 'n winkel moet kry en dit baie warm buite is nie. 'n Mens maak maklik die fout as jy in 'n lugversorgde voertuig ry, om die voertuig af te skakel en dan in die winkel in te glip terwyl die kinders in die motor agterbly.
- Voorkom sonbrand deur 'n ligte hoed met 'n groot rand te dra en smeer sonbrandmiddel aan die dele van die liggaam wat aan die son blootgestel gaan word as jy in die son moet wees. Sonbrand maak dit moeilik vir die vel om die liggaam se temperatuur te kan reguleer.
- Neem genoeg en gereeld vloeistof in en rus van tyd tot tyd iewers in die skaduwee.
- Vermoed alkoholie se drank as dit baie warm is aangesien dit tot verdere dehidrasie mag lei.
- Neem 'n soutpil drie keer per dag saam met water as jy wel moet stap, werk of oefeninge doen terwyl die buitetemperatuur baie hoog is. Die beste is om uit die hitte te bly op die warmste deel van die dag. Dit is waarom lande waar dit baie warm kan word aan hul siëstas glo en streng daarby hou.

## Sonsteek

Indien jy hitte-uitputting opdoen en dit nie dadelik behandel nie, gaan dit oor in sonsteek wat lewensgevaarlik kan wees. Sonsteek kan maklik en vinnig lei tot die dood van 'n persoon indien hy of sy nie die nodige behandeling ontvang nie. Die alternatief is permanente breinskade of skade aan van die interne organe. Dit kom makliker voor by persone onder vier en bo 60 jaar oud, maar kan ook by jong atlete voorkom. Sonstraal kan geleidelik ontwikkel met sommige van die simptome van hitte-uitputting sigbaar of skielik manifesteer sonder die aanloop van enige simptome.

#### • Simptome

- Die belangrikste simptome is 'n kernliggaamstemperatuur van bo 40 °C.
- Die eerste teken mag dalk wees dat persoon sy bewussyn verloor en sukkel om dit te herwin.
- Die persoon hou op met sweet ongeag die hitte waaraan hy of sy blootgestel is.
- Die persoon se vel sal rooi, warm en droog wees.
- Naarheid en vomering kom voor.
- Die persoon ontwikkel 'n kloppende hoofpyn.
- Die persoon mag 'n gevoel van swakheid ondervind wat gepaardgaan met krampe.
- Die persoon mag 'n vinnige hartklop ontwikkel. Dit mag sterk of flou wees.

- Die persoon kan vinnige, vlak asemhaling ontwikkel.
- Gedragsveranderinge mag intree. Die persoon mag deurmekaar en gedisoriënteerd wees en oor sy eie voete begin stuikel.
- Stuipe mag selfs voorkom en die persoon mag selfs in 'n koma gaan.

#### • Behandeling

- Ontbied dadelik 'n ambulans met die nodige noodhulppersoneel aanboord.
- Verskuif die persoon na 'n koel plek in die skaduwee of verkieslik binnenshuis. Indien moontlik, neem die persoon na 'n lugverkoelde vertrek.
- Verwyder alle oortollige klere.
- Begin dadelik met pogings om die persoon se liggaamstemperatuur af te bring.
- Indien buite in die natuur, waai koel lug oor die persoon terwyl jy die persoon se vel verkoel deur hom of haar vel met 'n handdoek of spons wat in koel water geweek is, nat te maak. Jy kan selfs die persoon liggies met 'n tuinslang afspuit.
- Indien naby akkommodasie met 'n badkamer, plaas die persoon in 'n bad met yskoue water (jy kan selfs ys in die water gooi) of hou die persoon onder 'n stort met koue water.
- Plaas yspakke onder die persoon se armholtes, in sy lieste, op sy nek en rug, want hierdie is areas met baie bloedvate na aan die vel en dit kan help om die bloed te verkoel en sodoende ook poog om die persoon se liggaamstemperatuur te laat daal. Moenie yspakke vir langer as vyf minute op een plek hou nie om te voorkom dat die persoon dalk vriesbrand ook opdoen.
- Indien die nooddienste langer neem as verwag, bel 'n hospitaal of mediese dokter vir addisionele instruksies.

#### • Voorkomende optrede

- Bly uit die direkte son uit as die omgewingstemperatuur bo 40 °C styg. Soek 'n koel plek waar jy jouself en jou gesin teen die hitte kan beskerm.
- Indien die omgewing se humiditeitsvlakke bo 60% styg, begin die liggaam sy vermoë verloor om homself af te koel deur te sweet. Wees dus versigtig om wanneer dit baie warm is en die humiditeit baie hoog is, uitputtende werk of oefening te doen of aan te pak.
- Drink gereeld vloeistof al voel jy nie dors nie om moontlike dehidrasie te voorkom. Sonder liggaamsvog kan jy nie sweet nie en kan die liggaam nie self sy temperatuur reguleer nie en begin die proses wat kan lei tot sonsteek.
- Om die soute wat jy verloor deur oormatige sweet aan te vul, drink elektrolietrike sportdrankies of drink alternatiewelik een soutpil twee tot drie keer per dag saam met water.
- Voorkom die gebruik van alkoholie se drank aangesien dit dehidrasie aanhelp.
- Monitor die kleur van jou uriene. Donker uriene is 'n teken van dehidrasie.

Bronne en verdere leesstof


<http://www.mayoclinic.org/diseases-conditions/sunburn/basics/definition/con-20031065>

<http://www.webmd.com/skin-problems-and-treatments/guide/sunburn>

<http://www.mayoclinic.org/diseases-conditions/heat-exhaustion/basics/definition/con-20033366>

<http://www.webmd.com/fitness-exercise/heat-exhaustion>

<http://www.mayoclinic.org/diseases-conditions/heat-stroke/basics/symptoms/con-20032814>





## BESPREEK NOU EN SPAAR!

### DIS SOMER IN DIE DRAKENSBERGE!



### 4-SLAPER PROMOSIE:

Bespreek **5 midweek** nagte en betaal slegs **R400** per nag. Bespreek die naweek by en betaal **slegs** vir die Vrydagaand.

**GELDIG VANAF  
5 JANUARIE 2020 TOT  
29 FEBRUARIE 2020**

Bepalings en voorwaardes geld. Langnaweke en skoolvakansies uitgesluit. Promosies slegs geldig vir eenhede soos gespesifiseer. Behoudens foute en weglatings.

036 438 6287 | [DRAKENSVILLE@ATKV.ORG.ZA](mailto:DRAKENSVILLE@ATKV.ORG.ZA) | [WWW.FACEBOOK.COM/ATKVDRAKENSVILLE](http://WWW.FACEBOOK.COM/ATKVDRAKENSVILLE)

k~~o~~swerf



Vind 'n **GOUE MUNT** en staan 'n kans om  
jou deel te **WEN!**

**R1000000**



Vind jou muntstuk in die volgende produkte se verpakking



**MAGNIFISAN**  
*it's magic*




Vir meer inligting, kompetisiereëls, bepalings en voorwaardes besoek [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za)

Die kompetisie word met trots  
aangebied deur VKB, ter viering  
van ons 100 jaar-mylpaal.







# WEN

met *Die Pad Saam*

Wees die gelukkige leser wat 'n Boereplaas-bordspel kan wen met 'n waarde van

# R500

Tel hoeveel Kershoedjies weggesteek is in hierdie uitgawe en e-pos jou antwoord na [hanneliec@vkb.co.za](mailto:hanneliec@vkb.co.za).

Sluitingsdatum: 10 Januarie 2020

# WEN



Hoeveelheid  
hoedjies?  
(Die een ingesluit)

Watter taal verkies jy?

- Afrikaans  Engels  Albei

Ken 'n punt van 1 – 10 toe aan *Die Pad Saam*

Inhoud  Ontwerp en uitleg

Algemene kommentaar

.....  
.....

Kontakbesonderhede

Naam & van: .....  
 Kontaknr.: ..... Ouderdom .....  
 E-pos: .....





Petrus Steyn



Petrus Steyn



Morgenson



Vrede



Warden

# VKB help bome plant

Deel 2 - VKB het onlangs as deel van ons 100 jaar-projek in samewerking met die organisasie Save the Planet 'n klomp vaderlandswilgerbome aan al die VKB-takke geskenk om na hul eie diskresie aan te plant of te skenk sodat ons kan help om die planeet Aarde te red.



Warden



Warden



Warden



Warden



Warden



Warden



Warden



Warden



Morgenson




Warden



Warden






Reitz



Vrede



Vrede



Reitz



Vrede



Vrede



Morgenson



Reitz



Warden




Morgenson



Warden



Warden



Reitz




Reitz



Reitz



Morgenson




Warden



Morgenson



Petrus Steyn



Morgenson



# — Ontmoet —

## Sas Kasselman

Sorg self vir die *moments, magic en memories* in jou lewe!



**S**as Kasselman, die besturende direkteur van VKB Nywerhede, glo die lewe gaan oor “*moments, magic en memories*”... en 'n bietjie humor.

Hy verduidelik: “In die lewe is daar sekere momente/besluite wat jou rigting en jou lewenskoers bepaal. Maak seker dat jy gereed is as daardie geleentheid hom voordoen, maar dink mooi oor al die besluite in jou lewe. Jou lewe is altyd die somtotaal van die besluite wat jy neem.

“Magic is daardie iets, daardie bestanddeel, wat net jyself in jou lewe kan inbring. Dit is nie iets wat iemand anders vir jou kan doen nie; dit is iets wat net jy kan create. Onthou, die lewe skuld jou niks, jy moet die magic in jou lewe self skep.

“Aan die einde van die dag is die memories die materiaal waarvan die lewe gemaak word. Die memories wat jy skep in jou lewe is die belangrikste. Die moeilike tye by die werk wat help karakter vorm, die lekker tye saam met kollegas of vriende en die spesiale tye saam met jou familie – dit is waaroor dit gaan.

“Geniet die lewe en maak tyd vir die humor in die lewe.”

Sas se loopbaan by VKB het in 2006 afgeskop as bestuurder van Graan. Met die totstandkoming van die Nywerhede-afdeling in 2011 skuif hy oor na dié divisie. 'n Jaar later begin Grain Field Chickens hoenders slag en Sas is voltyds daar, maar in 2015 is hy terug by Nywerhede as besturende direkteur.

Sas is 'n Vrystater in murg en been wat in Wesselsbron grootgeword en skoolgegaan het. Ná skool verwerf hy sy BCom (Regte)-graad aan Kopsies en daarna sy BCom-honneursgraad in Bemaking aan die Randse Afrikaanse Universiteit, deesdae bekend as die Universiteit van Johannesburg. Hy werk in verkope en later in finansiering, maar begeef hom in die maaltbedryf as bemakingsbestuurder. Later werk hy by 'n

maatskappy met meulens in Afrika waar hy vir twee jaar in Zambië, drie jaar in Swaziland en vier jaar in Botswana gewoon het voordat hy by VKB aansluit.

Sas en Annet is 23 jaar getroud en hulle het twee dogters. Anè is 'n BCom-student en Liesl is 'n matrikulant. Sas is baie lief vir sport, met rugby natuurlik die gunsteling, maar ook meeste sportsoorte. Hy speel graag self gholf en geniet die interaksie en kompetisie op die baan baie. Dan is hy ook mal oor die wildtuin en spandeer tyd daar wanneer hy kan, aangesien dit familietyd is wat hy koester.

Vir Sas is sy betrokkenheid by die verskillende besighede binne Agri Processors en die voorreg om deel hiervan te wees, vir seker 'n hoogtepunt in sy lewe. Hy sê dit is min dat 'n mens die geleentheid kry om 'n nuwe besigheid te vestig en teen lank gevestigde mededingers te kan meeding. Die uitdaging is om al die bedrywe volhoubaar winsgewend te kry en dit kan slegs gebeur indien jy jouself omring met die regte span en regte mense.

Sonder eerlikheid kan daar geen vertroue wees nie en sonder vertroue kan daar geen verhouding wees nie, hetsy in besigheid of persoonlike lewe, sê Sas. Maar daarmee saam, glo Sas, gaan dissipline. Doen wat jy moet doen, al is dit nie lekker nie. Hoe meer gedissiplineerd jy is, hoe makliker sal jou lewe word.

*Attention to detail. If you do the little jobs well, the big ones will take care of themselves* van Dale Carnegie is 'n filosofie waarmee hy saamstem. Ook die wil om te wen. Dit sal die verskil maak in alles wat jy aanpak.

“VKB is 'n great maatskappy om voor te werk. As 'n mens net kyk na die groei en verandering die afgelope tien jaar binne-in VKB was dit 'n ongelooflike reis, en dit is die mense in VKB wat die verskil maak. Ek sien uit na die uitdagings op die reis na die VKB Kilimanjaro-doelwit in die volgende paar jaar en dit sal 'n wonderlike ervaring wees om die doelwit te bereik en te kan sê ons was deel daarvan!”





## Langdiensfunksie vereer personeel

Personeel wat 20 jaar en langer diens het, is by 'n aansit-ete-prysuitdelingsfunksie vereer vir hul werk en lojaliteit. Vanjaar was daar 29 individue wat hierdie mylpale bereik het. Die funksie is op 6 November by die indrukwekkende Siësta-gastehuis op Frankfort gehou. Onder die 29 is Markus Mittermaier, ons finansiële direkteur, wat ook vir 20 jaar diens vereer is. Drie personelede wat besondere vermelding verdien, is Adam Sebolane van Villiers Graandienste, Solomon Mazibuko van Reitz Ingenieursdienste en Joyce Tshabalala van hoofkantoor op Reitz se Skoonmaakdienste, wat al drie 35 jaar by die maatskappy vier. Francois Sieberhagen, uitvoerende hoof: menslike hulpbronne het die funksie gelei, die personeel toegespreek en selfs in Sotho gepraat. Hy het 'n pragtige video, wat deur Ryno Steyn en Ishan van Blerk aanmekeer geslaan is, gewys waar die personeel vertel hoekom dit vir hulle lekker is om by VKB werksaam te wees, die video is op Facebook beskikbaar by <https://www.facebook.com/vkblandbou/videos/539248023567662/>



Personeel met 20 jaar diens (agter van links): Matthews Mashinini, Fana Khumalo, Adolf Botha, Markus Mittermaier en Gerhard Mostert, (voor van links) Simon Mokhatla, Abram Motaung, Louisa Volschenk en David Msimanga.



Personeel met 25 jaar diens (van links): Frank Khumalo, Elna Bezuidenhout en Johannes Motsoetla.



Personeel met 30 jaar diens (agter van links): Lydia Jordaan en Toppie Jonker, (voor van links) Elijah Mojaki, Ronel van der Walt en Simon Mputhi.



Personeel met 35 jaar diens (van links): Joyce Tshabalala, Adam Sebolane en Solomon Mazibuko.

## Wêreldbekerrugby-koors loop hoog by VKB

Met Superbru se kompetisie vir VKB-personeel wat gehou is om die gees van die Wêreldbekerreeks aan te hits, was die belangstelling groot. VKB-hoofkantoor het lekker in die gees van dié rugbyreeks gedeel. Coenie de Bruyn het heelbo aan die puntelys gelê met die mees akkurate punte per wedstryd aangeteken en het dus VKB se Superbru loshande gewen. Giepie Craffert het nie heeltemal so goed gevaar nie, en het die troosprys gekry.



Mené van de Venter oorhandig die wenprys aan Coenie de Bruyn.



Mene van de Venter oorhandig die troosprys aan Giepie Craffert.

## Petrus Steyn stuur Bokse vir 'n Boervrou

Thys van Coller, takbestuurder van Petrus Steyn, het hom goed van sy taak gekwyd en ook gesorg dat daar vir die Boks vir 'n Boervrou-projek pakkies na die droogtegeteisterde gebiede gestuur word. In groot dele van ons land loop die nood weens die droogte regtig baie hoog en dit is gesinne én families – van hulle boer al geslagte lank op 'n stuk grond – wat erg daardeur geraak word. Die boervroue wat aan hul man se sy deur hierdie



hartseer tyd gaan, het 'n groep weldoeners in Wellington se harte geraak. As 'n inisiatief om vir hierdie vroue iets spesiaal te doen, is die projek geloods om 'n boks te pak met allerlei goed wat ons daaglik as vanselfsprekend aanvaar. Duisende bokse van reg oor die land is by AfriForum in Pretoria besorg, wat dit saam met voerhulp na verskillende gebiede versprei het.



Thys van Collier by die bokse wat na boerevroue gestuur is.

### Gemeenskapsprojek in Villiers maak die wêreld se verskil

Die krag, inisiatief en werkverrigting van mense wat saamstaan en saamwerk, moet nooit gering geag word nie. Die gemeenskap van Villiers is 'n bewys dat waar daar 'n wil is, is daar 'n weg. Hulle storie is inspirerend.

Pieter du Plessis is die takbestuurder van Villiers, iemand wat nog altyd geglo het dat die mag van 'n span veel groter is as dié van 'n individu. Nou is hy deel van 'n span wat groot verbeteringe en veranderinge in Villiers meebring en VKB speel 'n leidende rol daarin.

Petrus Mashibuku is 'n inwoner van die township van Villiers. Hy het Februarie 'n jaar gelede besluit genoeg is genoeg. Villiers lyk sleg en mense leef in ongunstige toestande. Werkloosheid was aan die toeneem en mense het al hoe swaarder gekry terwyl hulle niks doen nie. En so het hy 'n inisiatief begin om 200 mense betrokke te kry om die dorp en omgewing op te ruim.

VKB het betrokke geraak saam met boere uit die omgewing, besigheidseienaars en die algemene publiek om Villiers 'n beter plek te maak. VKB het hom, met die ondersteuning van direkteur Phillip Cronjé, tot die saak verbind.

Die groep van 200 vrywilligers is in groepe van 40 ingedeel. Elke groep werk 'n week en ontvang daaglik 'n bord kos met die komplimente van VKB. Dit bestaan uit pap – met komplimente van VKB Milling, hoender – met komplimente van Grain Field Chickens en ook brood – met komplimente van Super Sure. Aan die einde van hul maandelikse skof ontvang die persoon ook 'n 12,5 kg sak meel vir sy/haar dienste gelewer.

Hierdie mense maak skoon, ruim op, herstel en onderhou. Gate in die paaie word toegemaak. Een van die grootste projekte tot dusver was die span van 'n kamp waarin rondloperbeeste gehou kan word. Onlangs was daar 'n rioolprobleem in die dorp. Boere het met masjinerie opgedaag, pype geskenk en alles voorsien wat nodig was om die probleem op te los. Behalwe die boere van die omgewing het ander donateurs bygedra en so het "ons", die gemeenskap, die rioolpyp herstel. Probleem opgelos! Hoewel 'n komitee gestig is om die aksies te koördineer, bly dit 'n gemeenskapsprojek en is elkeen se bydrae belangrik. Dit gaan nie oor politiek of oor 'n individu nie, maar oor 'n gemeenskap wat besluit het om iets aan die situasie te doen.

Ander besighede is ook betrokke. VKB se eie filiale Free State Oil en Multi Green is aan boord, asook die plaaslike Engen, maar so ook elke besigheid op die dorp. Hierdie is

werklik 'n gemeenskap wat saamstaan en saamwerk tot voordeel van almal.

VKB is betrokke vir die liefde van die land, vir die liefde van Villiers.



### Droëbone-inligtingsdag op Roedtan

Die Droëbone Produsente Organisasie het onlangs 'n suksesvolle boeredag op Roedtan gehou. Die opkoms was baie goed. NTK Roedtan was ook daar, want waar die boer is, is VKB. Louw Coetzer, takbestuurder van Roedtan, is baie tevrede met die blootstelling wat die tak gekry het en besigheid wat daaruit voortgevloei het.

### Giyani opens its doors

The new Giyani Depot, that recently opened its doors to the public, must be one of the best merchandized shops in the VKB group. Not only is it stocked with a wide variety of products, it is neat and tidy but most of all shopper friendly. Norman Masia, manager of Venda Depots, will keep an eye on this depot with Wilfred Musetsho running the day to day business as depot manager. They will always have the backing of Willie Els, manager at Venda branch.



### Tolwe doen dit weer!

Net as 'n mens dink die Tolwe Ekspo kan nie groter en beter nie, oortref Elize Pretorius en haar span hulself! 2019 Tolwe Ekspo het omtrent uit sy nate gebars.

Verskaffers neem graag deel aan die Tolwe Ekspo aangesien daar werklik voete is wat die ekspo bywoon. 35 verskaffers was vanjaar deel van die dag. *Getroud met Rugby* se akteurs het die dag bygewoon en mense het graag met hulle gesels en foto's saam met hulle geneem. Die gaskunstenaar vir die aand was Pieter Koen. Dit was voorwaar 'n bobaas-ekspo!



Personeel van Tolwe saam met Getroud met Rugby-akteurs en Pieter Koen





## Ben Burger doen besproeiing

Nelspruit-handelstak is nog 'n relatief jong tak in die VKB-stal. Die Besproeiingsafdeling het baie potensiaal, maar het iemand benodig wat ontwerp kon doen. Ben Burger is onlangs aangestel om hierdie leemte te vul en hy is reeds opgewonde oor die vooruitgang in besproeiing in die area.

Hy nooi boere in en om Nelspruit om hom te kontak by 076 402 1928. Ben geniet die werk geweldig baie aangesien geen twee stelsels ooit dieselfde is nie en elke ontwerp 'n unieke uitdaging bied.

## Boereplaas is pret!

Ure en ure se gesonde pret! Dis wat jy kry as jy Boereplaas koop, die bordspeletjie wat jou in 'n boer kan verander sonder om 'n plaas te koop!

VKB was een van die groot borge van die 100-jaar-gedenkuitgawe van *Landbouweekblad* se Boereplaas wat onlangs uitgereik is.

Die speletjie is by VKB-takke of by vooraanstaande nuusagentskappe landwyd beskikbaar, so moenie sloer nie, word 'n boer met Boereplaas!



## Thabazimbi hou skou

Die landbouskou op Thabazimbi sou nie so 'n groot sukses gewees het sonder die deelname van VKB nie. Die stalletjie van Handel en Meganisasie het 'n groot oppervlak beslaan en baie voete gelok. Dit was vir die personeel wat die stalletjie beman het, lekker om die produkte en dienste van VKB aan die publiek te bemark.

## Fietswedren

Die Tshipise MTB Challenge-fietswedren was vanjaar weer 'n reusesukses. Mense het van oral oor die land gekom om aan hierdie gewilde wedren deel te neem. VKB Musina was op sy pos om die ryers 'n lafenis te gee en sommer aan te moedig. VKB het ook, danksy lojale verskaffers, pryse geborg.

## Jongbeesveiling

Cobus en Annemarie was betrokke by die jaarlikse Jongbeesveiling op Musina. Hulle is ondersteun deur staatsmakers Hesmarië van Afrivet, Jan Slabbert van Virbac, DJ van Voermol, Gerie van Bayer, Leon van QPro, Theuns van Zoeites en Fanie van RCL. Saam met die trotse VKB-personeel het hulle 'n verskil gemaak.

## VKB by RPO

Die jaarlikse kongres van die Rooivleis Produsente Organisasie (RPO) is vanjaar by Weesgerus in Modimolle aangebied. En VKB was daar! Saam met van die topverskaffers en ander belangegroepes was die sukses van die kongres verseker. Liezl Britz het die reëlings hanteer en Michael van der Merwe (takbestuurder, Nylstroom) het dit namens VKB bygewoon.

## Heilbron "Boere Treat" doen sy naam gestand

Jaarliks word die "Boere Treat" op Heilbron gehou. 'n Lekker gesellige gholfdag vir die boere van die omgewing. VKB borg dan 'n gat of putjie tydens hierdie dag.

VKB-personeel speel gewoonlik ook op hierdie dag. Graanbemarking se mense geniet die dag saam met plaaslike boere. Dit was 'n heerlike dag van pret en beslis 'n "treat" vir die boere!



Ruan Erasmus van Graanbemarking, Reitz saam met een van die Reitz-boere, Jaco Oosthuizen, tydens die Heilbron "Boere Treat".

## Rooi Krag op Settlers

CASE ... Rooi Krag... 'n noodsaaklikheid op elke plaas. VKB Meganisasie het die Rooi Krag van CASE kom vertoon op Settlers tydens 'n boeredag wat goed ondersteun is deur plaaslike boere. Handel het saamgespan en van die geleentheid gebruik gemaak om ander produkte te bemark met verteenwoordigers wat teenwoordig was om meer inligting te verskaf.



Nico aan die woord voor een van die indrukwekkende implemente terwyl boere luister.








Bystandnommer: 058 863 8888



# nie net jou gewone **LANDBOU-TOEP**

- Kry huidige en vooruit Safex-pryse vir kommoditeite, wat wit- en geelmielies, sojabone, koring, sonneblom en sorghum insluit.
- Gedetailleerde prysgrafiek vir elke kommoditeit.
- Ander aanwysers sluit in USD, EUR, Brent ru-olie en beespryse.
- Tweeweklikse Afrika- en Noord-Amerika-reënval-weerkaarte.
- U ligging se huidige weer.
- Ingetekende gebruikers kan toegang tot 'n opsomming van hul opbergingsgraan en vooruitkontrakte bekom.

## Hoe om te registreer?




**Laai  
toep  
af**



Soek die toep by die "App store" vir 'n iOS slimfoon of by "Google play" vir 'n Android slimfoon en laai dit af.

Installeer die toep op jou slimfoon en maak die toepassing oop.

**Kliek op registreer.**



**Voltooi  
registrasievorm**

Vul jou besonderhede by die registrasievorm in.



Kies 'n unieke wagwoord met 'n minimum van 8 karakters.

**Druk stuur.**



**Teken Aan**

Teken aan en geniet al die voordele wat die toepassing jou bied.

**Kyk gereeld  
uit vir  
NUWE  
ontwikkelings  
op die toep**





Vind 'n **GOUE MUNT** en staan 'n kans om jou deel te **WEN!**

**R100 000**



Die kompetisie word met trots aangebied deur VKB, ter viering van ons 100 jaar-mylpaal. Om meer wenners te sien besoek [www.vkb.co.za](http://www.vkb.co.za) of ons facebook-blad.



Vind jou muntstuk in die volgende produkte se verpakking



**MAGNIFISAN**  
*it's magic*





# VKB BIELIEMIELIES



## HENGELKOMPETISIE

15 Februarie 2020 (07:00 - 12:00)



Kontantpryse  
**R5 000**  
te WEN!

Dam sal aangekondig word  
na aanleiding van  
weerstoeande.

Kontak: Johan Naude 082 902 4705 of  
Chris Tesner by 082 938 9026 vir meer inligting.

## 14 & 15 Februarie 2020 NUUTSTE DEMONSTRASIES

# 4x4

HINDERNISROETE



## T20-krieket

08:00 - 12:00



Kontantpryse  
**R5 000**  
te WEN!

Kontak: Leeta Gerritzen 082 378 6995

## 15 Februarie 2020

Reitz-gholfbaan • Afslaan 09:00

Besoek [www.reitzgolfclub.co.za](http://www.reitzgolfclub.co.za) vir inskrywings



Kontantpryse  
**R5 000**  
te WEN!

Formaat: "2-ball scramble"  
Inskrywings: R170 per persoon

Kontak: Riaan Gerritzen 082 788 1384

Kontantpryse  
**R7 000**  
te WEN!

## Touch-RUGBY-Sewes

Saterdag, 15 Februarie 2020 - Arena - (14:00)

Kontak: Jolene 082 959 5552



Besoek [www.bieliemielie.co.za](http://www.bieliemielie.co.za) vir alle inskrywingsvorms

Prysuitdeling van alle aktiwiteite, kompetisies en sport vind plaas op  
Saterdag, 15 Februarie 2019 (VKB-Arena • 17:30)

# KOOP NOU EN SPAAR!

Volwassenes R225  
Kinders: R108





PRESENTS

# MARATHON

## 15 February 2020

42.2 km • 21.1 km  
10 km • 5 km Fun Run

NEW ROUTE

Start / Finish: Bowls Club  
42.2 km/21.1 km (6:00) • 10 km/5 km (6:15)



27°47'49.3"S 28°25'42.2"E

	42.2 km	21.1 km	10 km	5 km
1st	R2 500	R1 500	R500	R350
2nd	R1 500	R750	R350	R200
3rd	R750	R350	R250	R100

- Comrades / Two Oceans Qualifier
- Start / Finish - Sarel Cilliers Street
- Temporary licences available @ R50
- Medals to all finishers



Entry form available on [www.bieliemieli.co.za](http://www.bieliemieli.co.za) • [entries.timeme.co.za](http://entries.timeme.co.za) • [info@limodoevents.co.za](mailto:info@limodoevents.co.za)

Event Organiser - Desiree Opperman (083 630 8534)

Technical Manager - Enslin van Blerk (082 920 5997) • Safety Officer - Andre Barends (083 267 4357)

Race presented in accordance to the IAAF, ASA, AFS rules

Persone wat aan enige geleentheid tydens die VKB Bieliemieliefes deelneem, hetsy 'n kompetisie, wedren of enige ander aktiwiteit, sal nie die VKB Bieliemieliefes, enige borg, enige persoon werksaam by die fees of die organiseerders van die geleentheid, aanspreeklik hou vir enige persoonlike beserings, skade of verlies van eiendom wat direk of indirek mag voorkom as gevolg van deelname aan die geleentheid nie. Persone onder die ouderdom van 18 jaar moet deur 'n ouer of voog vergesel word of skriftelike toestemming hê vir deelname.

## Vee-uitstallings en kompetisies



Is jy lief vir die plaas? Is jy lief vir plaasdiere? Dan moet jy en jou gesin 'n draai gaan maak by die veestalle. Nie net is daar veilinge en kompetisies nie, maar ook besigtiging van vee soos beeste, bokke, skape en vele meer. Veestalle open daaglik om 09:00

- Groot pryse te WEN van Q-Pro!
- SAVM-skou vanaf Donderdag 14:00 tot Vrydag 12:00
- Kuddekompetisie-beoordeling Vrydag 15:00
- Ram-veiling - Vrydag 11:00
- Raai wat weeg die bul (WEN R1000)
- Uitstalling van beeste (Beoordeling Saterdag 12:00)
- 20 m woldra-kompetisie - Saterdag 17:00 (Arena)

Skakel Annalea  
072 261 6667 vir meer inligting

### GROOT PRYSE



Kontantprys  
**R1 000**  
te WEN!

## Bring jou swaarste HAAN of mooiste HEN en WEN!

# "EARLY BIRD"

## Naweekkaartjies nou beskikbaar!

### Donderdag, Vrydag, Saterdag

Beskikbaar by VKB Bethlehem en VKB Reitz Handelstakke

Volledige program binnekort beskikbaar.



# VKB Landbou (Edms.) Bpk. - Gebruikte **Goedere**



**Case Magnum 225**  
2008-model  
Puiktoestand, Nuwe bande  
Johan van Zyl  
**R450 000** + BTW



**Lexion 760 Terra Track**  
2014-model  
3 064 ure  
Johan van Zyl  
**R2 450 000** + BTW



**Case 310**  
2006-model  
7 800 ure  
Johan van Zyl  
**R865 000** + BTW



**Case Skidsteer SR200**  
2015-model  
Enjin volledig oorgedoen, nuwe bande  
Johan van der Nest  
**R305 421** + BTW



**Case Magnum 225**  
2008-model  
Johan van der Nest  
**R750 000** + BTW



**John Deere 1720 Planter**  
12 ry  
0,76 m rywydte met Row Command  
Johan van Zyl  
**R680 000** + BTW



**Case Maxxum 125 ROP**  
2013-model  
16x16-ratkas, 3 999 ure  
Bertie Mienie  
**R465 000** + BTW



**Jacto Falcon Vortex Kousbalk**  
14m Boom  
Phil Britz  
**R135 000** + BTW



**Case 310**  
2010-model  
Johan van Zyl  
**R825 000** + BTW



**Case TLB 570ST**  
2019 demo-model  
81 ure  
Jaco Els  
**R895 000** + BTW



**John Deere 1750 Planter**  
Vloeibaar net vir sojas  
Johan van Zyl  
**R160 000** + BTW



**Case Patriot 3230**  
2017-model  
2 300 ure  
Theo Roux  
**R2 150 000** + BTW



**Rovic DLB 12 21t**  
3\*  
Met rollers  
Phil Britz  
**R265 000** + BTW



**Disk Seerder Equalizer 15m**  
2015-model  
Monitor Electro Lee  
Theo Roux  
**R1 150 000** + BTW



**Case 2388 Stroper**  
Rotor-ure 4 890, enjin-ure 5 100  
Pro 700-skerm  
Johan van der Nest  
**R850 000** + BTW



**Landini Landforce 125**  
2014-model  
3\*, 4 800 ure, bande 70%  
Theo Roux  
**R375 000** + BTW



**New Holland ENG 1268**  
2010-model  
Rotor-ure 1 043  
Johan van Zyl  
**R2 350 000** + BTW



**Claas Celtis 436**  
2011-model  
2\*, bande 50%  
Johan van Zyl  
**R70 000** + BTW

## Kontakbesonderhede

Johan van Zyl  
084 245 0576  
Frankfort

Nico van der Walt  
082 494 8907  
Reitz

Phil Britz  
060 636 6258  
Vrede

Johann van der Nest  
082 878 2736  
Warden

Bertie Mienie  
082 927 8214  
Warmbad

Theo Roux  
082 818 9705  
Bethlehem



# VKB Landbou (Edms.) Bpk. - Gebruikte **Goedere**



## Equalizer 12SL 0.91 Planter

Central Seed, v- drive  
Korrel Kunsmis, Nuut  
Theo Roux


**R2 033 280** + BTW



## Volvo TLB 61

6\*  
2 952 ure  
Bertie Mienie

**R430 000** + BTW



## John Deere 4023R Spuit

5\*, Eng 990  
295 ure  
Johan van Zyl

**R2 280 000** + BTW



## Kronos 10 ton Strooier

Demo-model

Johan van Zyl

**R265 000** + BTW



## John Deere 9670 Stroper

2010-model, 5\*, 4 473 rotor ure  
7 318 ure, JD monitor en reciever  
Johan van Zyl

**R945 000** + BTW



## Equalizer 12 ry 0.91SL Planter

Vloeibare kunsmis, V-drive  
2017-model, 1000ha geplant  
Theo Roux

**R1 500 000** + BTW



## Rovic 12 ton Strooier + sif

Demo-model  
50ha  
Johan van Zyl

**R328 000** + BTW



## John Deere 1760 8 ry 0.91 Planter

Vloeibare kunsmis

Phil Brits

**R220 000** + BTW



## Case Steiger 550

2015-model  
500 ure  
Theo Roux

**R4 050 000** + BTW



## Case Farmall 140A

2013-model  
4 052 ure  
Jaco Els

**R465 000** + BTW



## New Holland 8030 4WD

2009-model

Johan van Zyl

**R265 000** + BTW



## New Holland T8.360

Autopilot, 2014-model  
6 200 ure  
Nico van der Walt

**R1 150 000** + BTW



## Landini 7.210 CAB

2014-model  
3 120 ure  
Theo Roux

**R765 000** + BTW



## Case Puma 140 Trekker

2017-model  
1 500 ure  
Phil Brits

**R1 050 000** + BTW



## John Deere 606

Drie-voet-tafel met karretjie

Nico van der Walt

**R298 000** + BTW



## Jacto Vortex Spuit

Baie mooi toestand

Johan van Zyl

**R235 000** + BTW



## Case Magnum 335 Autopilot

2011-model  
5 900 ure  
Johan van Zyl

**R 850 000** + BTW



## John Deere 52725HC ROP

2013-model  
1 800 ure  
Theo Roux

**R382 000** + BTW

## Kontakbesonderhede

Coenrad Bruwer  
083 255 6223  
Reitz

Jaco de Wet  
083 626 6348  
Tzaneen

Gerrie Lindeque  
082 907 7492  
Delmas

Gareth Spaumer  
082 804 6773  
Louis Trichardt

Jaco Els  
076 284 5171  
Pietersburg



*Bring home the taste!*



**GRAIN FIELD  
CHICKENS**



### CRISPY BAKED LEMON AND HERB CHICKEN WINGS

12 Grain Field Chickens chicken wings  
200ml Lemon and Herb coat and cook

Salt, to taste  
Lemon, sliced

Preheat the oven to 180°C and thoroughly pat dry the chicken thighs and season. Heat a frying pan to hot and sear the chicken wings until crispy and golden, about 10 minutes. Place into a roasting tray. Pour over the lemon and herb coat to cook and roast until the wings are completely cooked through. Serve with the lemon slices.



For any queries please contact our  
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit [www.grainfieldchickens.co.za](http://www.grainfieldchickens.co.za)



*Bring home the taste!*



### **MUSHROOM STUFFED CHEESY GARLIC CHICKEN BREAST FILLETS**

2 garlic cloves, finely chopped  
250g (1 punnet) button mushroom, sliced  
50g cheddar, grated

**4 Grain Field Chickens chicken breast fillets**

Salt, to taste

Chicken & Mushroom Cook-in-Sauce

400ml milk

Preheat the oven to 200°C. To make the stuffing, sauté the garlic in a little butter and add the mushrooms, cook stirring occasionally until soft. Set aside. Pat dry the chicken breasts and horizontally slice a slit through the thickest part of each breast to form a pocket. Spoon a little cheddar into each pocket as well as a little mushroom mixture and fold over securing the opening with cocktail sticks. Gently place into a roasting tray. Mix the cook in sauce with the milk and pour over ½ over the chicken, together with any mushroom mixture and bake until the chicken is cooked and tender. Remove the chicken from the oven tray and set aside. Place the tray on the stove and add the reserved cook in sauce mixture and cook until it has thickened. Place the chicken fillets on a serving dish and pour over the mushroom sauce. Serve with roast potatoes, roast vegetable or just a fresh green salad.



**For any queries please contact our  
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit [www.grainfieldchickens.co.za](http://www.grainfieldchickens.co.za)**





# Ons het die afgelope 50 jaar 'n paar dinge oor groei geleer.

Total het die afgelope vyf dekades sterk op die landbousektor gefokus. Gedurende hierdie tyd het ons hard gewerk om innoverende, kliëntgesentreerde oplossings te ontwikkel wat daarop gemik is om groei in die sektor te bevorder, deur ons boere te ondersteun met die baanbreker-produkte en kundige advies wat hulle nodig het.



**TOTAL**

Committed to Better Energy